

HOOFSTUK VYF

RASSE DIVERSIFISERING VAN

WELSYNSDIENSPROGRAMME DEUR DIE

OWERHEID, 1948 TOT 1994

Teen 1948 het die Owerheid reeds verskeie skemas en programme bedryf wat gerig was op die maatskaplike versorging van die inwoners van Suid-Afrika. Die daaropvolgende tydperk tot 1994 is gekenmerk deur die verdere uitbreiding van hierdie dienste asook die daarstel en beplanning van nuwe dienste op 'n kultuur- en rasbasis. Binne die bestaande kulturele patrone is dit veral rasse-diversifisering op grond van kleur wat vanaf die Nasionale Partybewind invloedryk op dié Owerheid se ideologies-vervlegde lewensbeskouing ingewerk het.

5.1 AFRIKANERNASIONALISME¹ AS POLITIEKE IDEOLOGIE - 'n VERANDERDE WELSYNSFOKUS

Alle prosesse van welsynsdienslewering van die Owerheid kan teruggevoer word tot dié politiese ideologie van Afrikanernasionalisme. Die (Herenigde) Nasionale Party (NP) se bewindsoorname in 1948 het duidelike rigsgnoere daargestel vir die algemene beleid ten opsigte van die vier verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika. Spesifieke idees rakende die welsynsfokus teenoor die verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika is gehuldig. So onder meer is maatskaplike, residensiële, industriële en politieke skeiding tussen groepe gewettig.² Debrah Posel stel dit dat: "However distant and elusive the ideal of total segregation, it served an important ideological purpose in legitimating the state's immediate, more 'practical' plans. Arguably, the principal function of state ideology is to depict the exercise of power in terms which legitimise it as morally right. Ideologically, total segregation was characterised as a moral defence of white political supremacy, since Africans and whites would enjoy 'equal rights' in separate territories. By describing its 'practical' policies as the first step along the road towards the ideal of total segregation, the state provided whites with a way of redescribing the existing realities of white domination as the means towards a moral end. This rhetoric also conveyed the impression

¹ Vergelyk Hoofstuk Een, afdeling 1.5.21.

² Vergelyk I. Liebenberg, *Ideologie in konflik*, p. 30; C.F.J. Muller, Red., *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 3de uitgawe, p. 474; F.A. van Jaarsveld, *100 basiese dokumente* . . . , pp. 243, 245, 249.

of direction and foresight to policies which were often fundamentally reactive, with little systematic thought given to their long-term implications.”³ Langtermyn implikasies vir welsyn was daar wel. Binne die raamwerk van welsynsparadigmas in die buiteland, is die politieke ideologie wat na NP-oornamse gevolg is, nou te verbind met rassisme. Welsynsdenkers George en Page meen dat rassisme: “In the worst cases . . . are compounded by religion, nationality or colour, and they are sometimes sanctioned by the legal system of the country . . . There is no doubt that, in white societies, black people suffer more from racism than other ethnic groups . . . There is abundant evidence that employment opportunities and earning levels of many immigrant groups are below those of the rest of society, even when educational standards are taken into account. It is well documented that the educational achievements of children from some ethnic background are lower than those of other children for a variety of reasons: socioeconomic conditions of the family, neighbourhood values towards education, and school factors relating to teachers’ attitudes and curriculum content. Housing conditions are inferior, health conditions worse and mortality rates higher.”⁴

Die eksklusiewe blanke Afrikanernasionalistiese ideologie soos voorgestaan deur die Owerheid weerspieël van die tipiese tendense soos deur George en Page bo uitgespel. Onder andere is die gedagte oorgedra dat die blanke gemeenskap meerderwaardig is en swart gemeenskappe minderwaardig. Begrippe soos die blanke se volkskapitalisme, volkskultuur, voogdyskap en baasskap oor die ander gemeenskappe in Suid-Afrika was die ideologiese paradigma van die Owerheid.⁵

Betreffende maatskaplike dienslewering het die Owerheid wel meer dienste aan die gemeenskappe gelewer. Elke gemeenskap het onder die bestuur van sy eie Owerheidsdepartement gestaan, terwyl beleidsontwikkeling en beplanning in die hande van die blankgesentreerde Owerheid gelaat is. Die Suid-Afrikaanse Owerheid het sy Departement van Volkswelsyn die taak opgedra om maatskaplike dienste aan blank,

³ D. Posel, *The making of apartheid 1948 - 1961. Conflict and compromise*, p. 69.

⁴ V. George and R. Page, *Modern thinkers on welfare*, pp. 311 - 312.

⁵ I. Liebenberg, *Ideologie in konflik*, p. 32.

Kleurling en Indiër te lewer, terwyl die Departement van Naturelle Sake⁶, wat die behoeftes van die swart gemeenskap in Suid-Afrika reeds sedert 1910 behartig het, hierdie werk voortgesit het. In 1951 is 'n begin gemaak met die skeiding van dienste toe 'n afdeling vir Kleurlingsake binne die Departement van Binnelandse Sake gestig is. 'n Selfstandige Departement van Kleurlingsake is in 1959 gevestig. Vir die Indiërs het 'n Departement twee jaar later gevolg.⁷ Die swart, Kleurling- en Indiërgemeenskap se behoefte om verantwoordelikheid vir hulle eie gemeenskappe te aanvaar, is grootliks tot en met 1984, toe 'n nuwe grondwetlike bestel deur die Owerheid aanvaar is, geïgnoreer. Volgens die grondwetlike beleid van die Owerheid sou elke swart groep die geleentheid kry om binne 'n eie Tuisland⁸ tot 'n volwaardige volk te ontwikkel. Die Wet op Bantoeowerhede van 1951 het dan ook hiervoor voorsiening gemaak.⁹ Vir die Owerheid was hierdie vorm van diversifisering in die lig van sy ideologiese visie geheel aanvaarbaar en moreel geregverdig.¹⁰

⁶ Die Departement verantwoordelik vir die ontwikkeling van die swartgemeenskap in Suid-Afrika, was tot en met 1958 getitel die Departement van Naturelle Sake. Verskeie naamsverandering het na 1958 gevolg. Vir die doel van die studie word by die bename van die onderskeie tydvakke gehou. Vir 'n volledige lys van Departemente verantwoordelik vir die onderskeie gemeenskappe, vergelyk Tabel Nr. 5.

⁷ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, p.6; Republiek van Suid-Afrika, Departement van Kleurlingsake, *Verslag vir die tydperk 1 Januarie 1959 tot 31 Desember 1961 (RP 11/1963)*, p.20; Departement van Indiërsake, *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 3 Augustus 1961 tot 31 Desember 1970 (RP 51/1971)*, p. 1.

⁸ Die begrip Tuisland(e) verwys na die Owerhede en selfregerende gebiede wat deur die Nasionale Partyregering geskep is onder die apartheidsbeleid. Sedert 1 Augustus 1978 het hierdie gebiede amptelik bekend gestaan as "Swart state", en by name Transkei, Bophuthatswana, Venda, Gazankulu, Lebowa, KaNgwane, Qwaqwa, KwaZulu en Ciskei, asook die Suid-Ndebele Gebiedsowerheid. I.O.H.M. Mapena, *Policy for urban blacks in the Republic of South Africa*, p. 1. Vergelyk ook Nasionale Argiefbewaarplek (NAB), Pretoria, Departement van die Eerste Minister (URU), Lêer: 6686, Band: 1347, Departement van die Eerste Minister / Minuut No. 1347, 23 September 1975; Lêer: 6755, Band: 95, Departement van die Eerste Minister / Minuut No. 95, 3 Februarie 1976; Lêer: 6930, Band: 299, Departement van die Eerste Minister / Minuut No. 299, 4 Maart 1977.

⁹ F.G.N. Harman, Red., *Ons vir jou Suid-Afrika*, p. 196.

¹⁰ Vergelyk D. Posel, *The making of apartheid 1948 - 1961 . . .*, p. 69.

Ongeag die feit dat daar geen sprake van 'n geïntegreerde welsynsdiens in Suid-Afrika was nie, het die welsynsfokus van die Owerheid verskerp. Meer aandag is gegee aan kinder-, jeug- en gesinsorg. Die behoeftes van bejaardes, gestremdes en armlastiges is ondersoek en toelaebedrae verbeter. Die Owerheid se bydrae tot maatskaplike welsynsdiens is egter direk beïnvloed deur die verhouding tussen die Owerheid en die private inisiatief. Die Owerheid het sy rol gesien as koördineerder, terwyl die private organisasies, wat direkte kontak met die hulpbehoewendes gehad het, die aangewese liggame was om direkte maatskaplike hulp te verleen.¹¹

Die verdeling van maatskaplike dienste onder verskeie Departemente, en die beheer van hierdie hulpverlening deur blankes, het voortgeduur tot in 1984. In die driekamerparlement het die Kleurling- en Indiërgemeenskap ook verteenwoordiging in die Owerheid gekry. Die implikasies daarvan vir welsynsdienste was dat die Kleurling- en Indiërgemeenskap 'n groter seggenskap in die voorsiening van maatskaplike dienste aan hulle gemeenskappe gekry het. Die welsynsake van swart gemeenskappe is verdeel tussen die Owerhede van die verskeie Tuislande en die Departement van Samewerking en Ontwikkeling.¹²

Ondertussen sou afsonderlike verskaffing van dienste aan die vier gemeenskappe sou nog 'n verdere dekade duur. Ná die demokratiese verkiesings van April 1994 en ANC se bewindsoorname, is daar vir die eerste keer 'n verenigde Departement van Welsyn gestig wat in die behoeftes van al die gemeenskappe sou voorsien.¹³

Tabel Nr. 5 op bladsy 72 gee 'n oorsig van die verskeie Owerheidsdepartemente wat sedert 1910 verantwoordelik was vir die verskaffing van maatskaplike welsynsdienste aan die swart, blanke-, Kleurling- en Indiërgemeenskap in Suid-Afrika. Dit is duidelik uit die Tabel dat die lewering van maatskaplike dienste aan die gemeenskappe gefragmenteerd was en dat dié proses in wese reeds met die eenheid- en versoeningsfase van die Britse

¹¹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, *Maatskaplike welsynsbeleid en strukture van die Republiek van Suid-Afrika, April 1988*, pp. 4 - 5.

¹² Vergelyk Tabel Nr. 5 vir 'n uiteensetting van die verskeie Owerheidsdepartemente sedert 1910 betrokke by die lewer van maatskaplike dienste.

¹³ Republiek van Suid-Afrika, Departement van Welsyn, *Verslag van die Departement van Welsyn vir die jaar 1994 (RP 104/1995)*, p. 2.

Tabel Nr. 5

Owerheidsdepartemente verantwoordelik vir welsynsdienste aan die vernaamste gemeenskappe in Suid-Afrika, 1910 - 1994

Jare	Swart	Kleurling	Indiër	Blank	
1910	Departement van Naturelle Sake	Verskeie Unie-Owerheidsdepartemente (Onderwys, Arbeid, Landbou, Behuising, Bosbou, Binnelandse Sake, ens.)			
1935		Departement van Arbeid en Volkswelsyn			
1937		Departement van Volkswelsyn			
1951		Afdeling vir Kleurlingsake binne die Departement van Binnelandse Sake	Departement van Volkswelsyn		
1958	Departement van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling	Afdeling vir Kleurlingsake binne die Departement van Binnelandse Sake	Departement van Volkswelsyn en Pensioene		
1959			Departement van Kleurlingsake	Departement van Volkswelsyn en Pensioene	
1961		Departement van Kleurlingsake	Departement van Indiërsake	Departement van Volkswelsyn en Pensioene	
1969					Administrasie van Kleurlingsake en Departement van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-Aangeleenthede
1977	Departement van Samewerking en Ontwikkeling	Departement van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-Aangeleenthede	Departement van Indiërsake	Departement van Volkswelsyn en Pensioene	
1979					Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene
1981		Departement van Kleurlingbetrekkinge		Departement van Gesondheid en Welsyn	
1982					Departement van Welsyn
1984	Departement van Samewerking en Ontwikkeling	Administrasie: Raad van Verteenwoordigers	Administrasie: Raad van Afgevaardigdes	Administrasie: Volksraad	
1986					Departement van Ontwikkelingsbeplanning
1987					Staatkundige Ontwikkelingsdiens
1994	Departement van Welsyn				

Owerheid 'n aanvang geneem het. In geheel beskou blyk dit dat die Departementele aktiwiteite rakende swartmense oor dekades heen stabiel voorkom, maar sigbaar meer geïsoleerd is van die ander kleur-gediversifiseerde groepe. Stabilisasie het, soos blyk uit die maatskaplike welsynsdienslewering deur die Owerheid, nie noodwendig besonderse progressie beteken nie. Wat die Kleurlinge se belange binne die Owerheid betref, vertoon hulle posisie meer wispelturig en onseker. Net alleen die naamsverandering van die Departement gemoeid met Kleurlingaangeleenthede het finansiële en mannekragimplikasies meegebring. Eweso geld dit vir die Owerheidsdepartemente wat blankes op die hart gedra het. Vir die Indiër blyk die rol van die Owerheid in hulle behoeftes eers werklik vanaf 1961 'n realiteit te wees.

5.2 DIE NASIONALE PARTYOWERHEID EN DIE VERSKAFFING VAN WELSYNSDIENSTE

Die hoofgedagte met die verskaffing van maatskaplike dienste volgens die Owerheid, was dat die individu gehelp moes word om homself te help. Hulp moes nie bloot gegee word en die individu net passief die ontvanger wees nie. Verskeie Owerheidskemas en dienste wat aan die onderskeie gemeenskappe gelewer is, het almal min of meer op die dieselfde patroon verloop. So byvoorbeeld is crèches, kinderskole, ouerhuise, nedersettings vir hulpbehoewendes en inrigtings vir gestremdes aan al vier die gemeenskappe gelewer. Die omvang van die hulpverlening en die finansies daaraan gekoppel, het egter nooit 'n gelyke verdeling getoon nie.¹⁴

5.2.1 Welsynsbeleid in Suid-Afrika, 1948 - 1994

5.2.1.1 Owerheidsdepartemente en maatskaplike welsynsdienste

Die opstel van 'n welsynsbeleid vir Suid-Afrika se vier gemeenskappe is tot in die 1980's deur die blanke Departement van Volkswelsyn (later genoem die Departement Volkswelsyn en Pensioene en nog later die Departement van Gesondheid en Welsyn) behartig. Daarby is die gemeenskappe se welsynsprojekte gekoördineer tydens gereelde

¹⁴ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Struktuur van en beleid ten opsigte van welsynsdienste in die Republiek van Suid-Afrika*, pp. 3 - 9.

kontak in die Tussendepartementele Oorlegplegende Komitee oor Vakkundige Welsynsaangeleenthede (TOKVW).¹⁵

Die Owerheid se welsynsbeleid is deurgegee aan die betrokke Departemente wat dit ten uitvoer gebring het, in oorleg met die nasionale Owerheid se beleid ten opsigte van die gemeenskappe in Suid-Afrika. Aanvanklik het die welsynsbeleid in Suid-Afrika gekonsentreer op rehabilitasie en voorkomingsdienste asook die koördinasie van statutêre dienste. Namate hierdie dienste gevestigheid bereik het, is daar aandag gegee aan die uitbreiding van vakkundige dienste. Teen die sestigjare is groter aandag aan spesialisasie en die integrasie van groepwerk en vrywillige welsynsorganisasies gegee.¹⁶

Die sewentigerjare is ingelei deur 'n algemene gevoel onder Owerheidswelsynsdepartemente dat dit tyd was om meer aandag te gee aan die instelling van nuwe skemas. Terselfdertyd is die behoefte aan die effektiewe integrasie van verwante welsynsake geïdentifiseer. Daar is ook op gewys dat 'n balans tussen sosiale behoeftes en hulpbronne in die toekoms geskep moes word. Beter koördinasie met vrywillige welsynsorganisasies en streekskantore op plaaslike vlak het ook aandag geniet.¹⁷

In teenstelling met die tendens in die buiteland, het die Suid-Afrikaanse Owerheid in 1975 sy standpunt herhaal dat Suid-Afrika beslis nie 'n welsynstaat is nie. Daar is gevoel dat die individu selfstandigheid moet aanleer en die gemeenskap betrek moet word in hierdie

¹⁵ Alle Owerheidsdepartemente wat welsyns-of maatskaplike dienste verskaf het, is verteenwoordig in hierdie Komitee. Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1962 to 31st March, 1964 (RP 32/1964)* pp. 2 - 3; *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1964 to 31st March, 1966 (RP 67/1966)* p. 3; en *Jaarverslag 1976 (RP 30/1978)* p. 27.

¹⁶ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, p. 5; Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1964 to 31st March, 1966 (RP 67/1966)*, pp. 2, 21.

¹⁷ Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1966 to 31st March, 1970 (RP 83/1970)*, p. iv; vergelyk ook *Verslag vir die tydperk 1970 - 1971 (RP 96/1971)*, pp. 22 - 23; Departement van Kleurlingsake, *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 Januarie 1959 tot 31 Desember 1961 (RP11/1963)*, p. 20.

strewe. Om dit te verwesenlik is groter magte aan streke en plaaslike Owerhede bepleit.
18

Die tagtigerjare het 'n uitbouing van die beleid van die Owerheid gesien. Benewens die klem dat samewerking met vrywillige organisasies nodig is, het die Owerheid ook gemeen dat indiensopleiding, navorsing en die identifikasie van behoeftes 'n steeds groter plek moes inneem.¹⁹

Die politieke veranderinge in die land het ook 'n mate van onsekerheid binne die kringe van maatskaplike diens tot gevolg gehad. Die algemene gevoel was dat sosiale en maatskaplike hervorming nodig was, maar dat die presiese omvang daarvan nie duidelik was nie. 'n Toename in sosiale probleme soos mislukte huwelike, verkragtings, roof, armoede en die agterstand ten opsigte van behuising, het die maatskaplike dienswerker onrustig gestem.²⁰

Die Owerheid se welsynsbeleid is in 1987 hersien, en ingevolge hiervan het die Owerheid weer eens verantwoordelikheid aanvaar vir die verskaffing van maatskaplike dienste aan noodlydendes. Verder moes die Owerheid toesien dat maatskaplike ontwikkeling in pas bly met ekonomiese en staatkundige ontwikkeling. Dat die individu primêr aanspreeklik is vir sy eie maatskaplike versorging en dat die gesin die natuurlike maatskaplike eenheid is, is steeds deur die Owerheid aanvaar as uitgangspunte. Om maatskaplike dienste effektief te lewer, is samewerking met private welsynsorganisasies as uiters noodsaaklik beskou.²¹

Teen 1990 was primêre welsynsdienste goed gevestig maar 'n nood is nog in sekondêre en tersiêre dienste waargeneem. In die vervolg sou nog nouer kontak tussen die Owerheid

¹⁸ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Verslag vir die tydperk 1972 -1974 (RP 91/1975)*, pp. 1, 3, 4.

¹⁹ Republic of South Africa. Administration: House of Representatives, *Annual Report 1987 (RP 48/1988)*, pp. 42, 28; Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, *Jaarverslag 1986 (RP 39/1987)*, p. 26; D. Botha, "Maatskaplike werk aan die UOVS: verslag oor goue jubileum-simposium", *Maatskaplike Werk/Social Work*, 25:2, pp. 140 - 150, June 1989.

²⁰ M.C. Potgieter, *Maatskaplike werk in die Suid-Afrikaanse konteks: onderrig, opleiding en praktyk*, pp. 4 - 5.

²¹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, *Maatskaplike welsynsbeleid en strukture van die Republiek van Suid-Afrika. April 1988*, pp. 2 - 3.

en vrywillige organisasies moes plaasvind. Samewerking tussen nasionale, streeks- en plaaslike Owerhede het ook aandag geniet. Die swart, Kleurling- en Indiërdepartement het aan die begin van die negentigerjare gemeen dat die onderskeie gemeenskappe beter gedien kon word in één Owerheidsdepartement vir welsyn as in vier verskillende Departemente. Met die Owerheidsverandering in 1994 is hierdie wens uiteindelik bewaarheid en van privatisering is vir eens afgesien.²²

In 1992 was die Owerheid ook in proses om aandag te skenk aan die moontlikheid van die privatisering van welsynsdienste. Dit is moontlik dat die Owerheid, binne die fase waarin die ideologiese paradigma sigbaar besig was om te verskuif vanweë 'n gebrek aan fondse, 'n verskuiwing wou maak met beperkte finansiële implikasies. Die welsynsgemeenskap het die owerheid skerp gekritiseer.²³

5.2.1.2 Die hantering van kinders

Sedert die vroegste vorme van welsynsdienslewering deur die Owerheid, het die behoeftes van die kind baie aandag geniet. Dit is veral kinderwetgewing wat 'n belangrike rol gespeel het in die Owerheid se welsynswetgewing. Na gelang van sy mandaat in die onderskeie Kinderwetgewing voor en na 1948, het die Departement van Volkswelsyn 'n aandeel gehad in aannemings, kinderhuise, plekke van veilige bewaring, verbeteringskole en nywerheidskole.²⁴ Teen 1950 is gemeen dat Kindersorg een van die vernaamste velde van welsynswerk in die Unie van Suid-Afrika gevorm het. Die Departement van Volkswelsyn was die gesentraliseerde faktor vir alle kindersorgdienste onder die verskillende gemeenskappe.²⁵

²² Republiek van Suid-Afrika. Administrasie: Raad van Verteenwoordigers, *Jaarverslag 1991 (RP 123/1991)*, p. 42; Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, *Jaarverslag 1993 (RP 160/1993)*, p. 45 en *Jaarverslag 1986 (RP 39/1987)*, p. 26. Vergelyk ook L. Patel, *Restructuring social welfare. Options for South Africa*, pp. 47 - 49.

²³ Vergelyk ook L. Patel, *Restructuring social welfare. Options for South Africa*, pp. 48 - 49.

²⁴ Nasionale Argiefbewaarplek (NAB), Pretoria, Lêer: Inl 1/3/3, Band: B/6/8, Sekretaris van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling / Departement van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling, Algemene Omsendbrief No. 39 van 1963; Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, p. 5.

²⁵ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, p. 45.

Kinderhuise en bewaarplekke is vir al die gemeenskappe daargestel. Die doel met hierdie instansies was om 'n anker in die lewe van die kinders te word. Aandag is nie net aan wese en jeugmisdadigers gegee nie, maar ook aan sorgbehoewende kinders. Soms was dit egter nodig om kinders in plekke van veilige bewaring te plaas. Hierdie verwydering van die ouerhuis was nooit gewens nie, maar soms was daar geen ander reëling wat getref kon word nie. Deur die jare het die Owerheid se welsynsbeleid duidelik gestipuleer dat alle pogings aangewend moes word om te waak teen die onnodige wegstuur van kinders na inrigtings. Inrigtings moes in alle gevalle die laaste oplossing wees, aangesien dit as 'n kunsmatige atmosfeer beskou word.²⁶

Die verskeidenheid van crèches²⁷ wat tydens die vyftigerjare gestig is, is in die daaropvolgende jare uitgebou. Hierdie dienste is gesien as 'n soort armsorgdiens, omdat die vrou verplig was om die salaris van die man aan te vul. Werkende vrouens wie se kinders nog nie skoolgaande ouderdom bereik het nie, kon in die crèches gelaat word. Nie net blanke kinders het voordeel getrek uit hierdie dienste nie, maar ook swart, Indiër- en Kleurlingkinders.²⁸

²⁶ NAB, Pretoria, Lêer: Inl 1/3/3, Band: B/6/8, Sekretaris van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling/ Departement van Bantoe-Adminstrasie en Ontwikkeling, Algemene Omsendbrief No. 39 van 1963; Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, p. 46 en *Verslag vir die tydperk 1972 -1974 (RP 91/1975)*, pp. 40 - 42; Republiek van Suid-Afrika. Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn. Administrasie : Volksraad, *Jaarverslag 1991 (RP 55/1992)*, pp. 44- 46; Departement van Kleurlingsake, *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 Januarie 1962 tot 31 Maart 1964 (RP82/1964)*, p.9; Departement van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkings, *Jaarverslag vir die tydperk 1 April 1977 tot 31 Maart 1978 (RP 15/1979)*, p. 22; Administrasie: Raad van Verteenwoordigers, *Jaarverslag 1992 (RP 160a/1993)*, p. 7; Departement van Indiërsake, *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 3 Augustus 1961 tot 31 Desember 1970 (RP51/ 1971)*, p.35; Administration: House of Representatives, *Annual Report 1987 (RP 48/1988)*, p. 40 en *Jaarverslag 1993 (RP 160/1993)*, p. 44; Department of Bantu Administration and Development, *Report of the Department of Bantu Administration and Development for the period 1st January, 1964 to 31st December, 1964 (RP 14/1966)*, p. 9; Departement van Ontwikkelingsbeplanning Staatkundige Ontwikkelingsdiens, *Jaarverslag 1986 (RP 61/1987)*, p. 22.

²⁷ Onderskeid moet gemaak word tussen bewaarskole oftewel crèches and plekke van veiligheid of bewaring ("places of safety").

²⁸ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, pp. 47- 48; Republiek van Suid-Afrika Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, *Jaarverslag 1988 (RP 43/1989)* p. 25.

Een van die grootste probleme wat met verstedeliking saamgaan, is vryetydsbesteding van die jeug. In stede waar ouers dikwels nie die tyd het om soveel aandag aan hul kinders te gee nie, kan hulle maklik verval in ongesonde gewoontes of hulle tot misdaad wend. Om in hierdie noodsaaklike sosiale behoefte te voldoen, is verskeie seuns- en dogterklubs onder die blanke, Kleurling- en swart gemeenskappe gestig.²⁹

Die groot aantal van Kleurlingseuns wat die skool reeds op 'n vroeë ouderdom verlaat het, het byvoorbeeld die Departement van Kleurlingsake in 1968 genoodsaak om 'n opleidingskursus vir Kleurlingseuns bekend te stel. Amptelik bekend as die Kadetopleidingskursus, is seuns vir die tydperk van 'n jaar of langer opgelei in 'n sekere ambag, en dan geplaas in 'n werk.³⁰ Terselfdertyd is die verbeteringsskole vir Kleurlingkinders uitgebrei tot drie. Twee verbeteringskole vir seuns (Porter- en Faureverbeteringskool) en een vir dogters, ook by Faure. Drie jeugkampe vir Kleurlingseuns is teen 1979 by Weltevreden, Kruisfontein en Keimoes gevestig.³¹

Onder die swart jeugdiges in die stedelike en plattelandse gebiede het dié aspek in latere jare steeds groot probleme veroorsaak. Die probleem is daarom aangepak met die instelling van 'n Afdeling vir Jeugaksies binne die Departement van Samewerking en Ontwikkeling. Die doel met hierdie afdeling was om die jeug te help oriënteer en dissipline aan te leer.³²

In die laat-tagtigerjare en begin-negentigerjare, het die mishandeling van kinders groter aandag en publisiteit gekry. In ooreenstemming hiermee is daar deur die verskeie Owerheidsdepartemente kinderbeskermingseenhede gestig om te help met mishandeling,

²⁹ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 April 1949 tot 31 Maart 1951 (UG 69/1951)*, p. 11.

³⁰ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Kleurlingsake, *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 April 1966 tot 31 Maart 1967 (RP 21/1968)*, p.13 en *Report for the period 1 April 1968 to 31 March 1969 (RP 27/1970)*, p 13; Departement van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkings, *Jaarverslag vir die tydperk 1 April 1977 tot 31 Maart 1978 (RP 15/1979)*, p. 23.

³¹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Kleurlingsake, *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 April 1966 tot 31 Maart 1967 (RP 21/1968)*, p.13;

³² Republiek van Suid-Afrika. Departement van Samewerking en Ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling vir die tydperk 1 April 1979 tot 31 Maart 1980 (RP 104/1980)*, p. 2.

verlating, verwaarlosing, gedragsprobleme, stokkiesdraaiery en swangerskap onder die jeug van Suid-Afrika.³³

5.2.1.3 Bejaardesorg

Die amptelike Owerheidsbeleid was om die bejaarde te akkommodeer binne die gesin of familie. Die bejaarde moes deel van die gemeenskap bly en 'n bydrae kan lewer tot die gemeenskap. Verder is dit as noodsaaklik geag dat bejaardes nog nuttig voel en 'n verantwoordelikheid dra. Tehuise vir bejaardes is dus gesien word as 'n laaste oplossing.³⁴

Teen 1950 het die versorging van bejaardes nog baie te kort geskiet. 'n Tekort aan tehuise en inrigtings het bestaan, terwyl die bestaandes oorvol was. Die Departement van Volkswelsyn was hoofsaaklik betrek by die subsidiëring van tehuise en departementele nedersettings. Hierdie nedersettings het nie net voorsiening gemaak vir bejaardes nie maar ook vir diegene met chroniese siektes³⁵, swakheid, armes, ens. Die bekendste van hierdie was die Sonop-nedersetting, Karatara-nedersetting, Ganspan-nedersetting (al drie blanke

³³ Republiek van Suid-Afrika Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, *Jaarverslag 1988 (RP 43/1989)* p. 54; Administrasie: Raad van Verteenwoordigers, *Jaarverslag 1990 (RP 122/1991)*, p.21; *Jaarverslag 1991 (RP 123/1991)*, p. 38, S.W.P. Grobbelaar, "Enkele gedagtes met betrekking tot die houding van die staat ten opsigte van welsynsdienste met besondere verwysing na die Republiek van Suid-Afrika", *Welsynsfokus/Welfare focus*, 22:1, June, pp. 13 - 18.

³⁴ NAB, Pretoria, Leër: Inl 1/3/3, Band: B/6/1, Sekretaris van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling / Departement van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling, Algemene Omsendbrief No 6 van 1963; Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1964 to 31st March, 1966 (RP 67/1966)*, p.38; *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1966 to 31st March, 1970 (RP 83/1970)*, pp.27 - 30; *Verslag vir die tydperk 1970 -1971. (RP 96/1971)*, p. 19.

³⁵ NAB, Pretoria, Leër: Inl 1/3/3, Band: B/6/1, Sekretaris van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling / Departement van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling, Algemene Omsendbrief No. 6 van 1963; Sekretaris van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling / Departement van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling, Algemene Omsendbrief No. 13 van 1963.

nedersettings), De Novo- nedersetting (vir Kleurlinge), en die Elandsdoorn-nedersetting (vir swartes).³⁶

Die uitbetaling van pensioene, toelaes en subsidies was die algemeenste wyse waarop die Owerheid betrokke was by die versorging van oues van dae. Die fisiese versorging van bejaardes in tehuise is oorgelaat aan privaatorganisasies. Die Owerheid het gemeen dat die betrekking van privaatorganisasies by bejaardesorg, en veral behuising, baie belangrik was. Gemeenskapsbetrokkenheid was ook hier 'n steunpilaar van die welsynsbeleid vir die Owerheid.³⁷ McKendrick noem dat bejaardesorg vir jare buitengewone Owerheidsteun ontvang het.³⁸ Vandaar dan die rede waarom die Owerheid na 1994 sterk teruggesny het op dienste.³⁹

5.2.1.4 Gestremdesorg

Gestremdesorg was hoofsaaklik van Owerheidsweë beperk tot twee fasette, naamlik die uitbetaal van toelae aan fisiek en geestelik gestremdes en die plasing van gestremdes in

³⁶ Nasionale Argiefbewaarplek (NAB), Pretoria, Leêr: Inl 1/3/3, Band: B/6/1, Sekretaris van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling / Departement van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling, Algemene Omsendbrief No 41 van 1963; Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, pp. 98 - 102; en *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 April 1949 tot 31 Maart 1951 (UG 69/1951)*, p. 6; en *Verslag vir die tydperk 1972 -1974 (RP 91/1975)*, pp. 12 - 13; Republiek van Suid-Afrika. Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene, *Jaarverslag 1978. (RP 111/1979)*, p. 2; Departement van Kleurlingsake, *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 Januarie 1962 tot 31 Maart 1964 (RP82/1964)*, p.10 en *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 April 1966 tot 31 Maart 1967 (RP 21/1968)*, p.13.

³⁷ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Verslag vir die tydperk 1971 -1972 (RP 35/1973)*, p. 5; Departement van Gesondheid en Welsyn, *Jaarverslag 1984*, p. 58; *Jaarverslag 1978 (RP 111/1979)*, p. 11; Departement van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkings, *Jaarverslag vir die tydperk 1 April 1977 tot 31 Maart 1978 (RP 15/1979)*, p. 25; Departement van Samewerking en Ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling vir die tydperk 1 April 1981 tot 31 Maart 1982 (RP 101/ 1982)*, p.20; Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn, Administrasie : Volksraad, *Jaarverslag 1992 (RP 38/1993)*, p. 42. Vergelyk. Ook die bydrae gemaak deur onder andere die Gemeenskapsontwikkelingsondersteuningsprogram van die Witwatersrand. W.L. Kok, "Gemeenskapsontwikkeling aan die Witwatersrand", *Maatskaplike werk - Praktyk/ Social Work - Practitioner*, :2, July, pp. 9 - 13.

³⁸ B.W. McKendrick, *Introduction to social work in South Africa*, pp. 29 - 35.

³⁹ Republic of South Africa. Department of Welfare, *White paper for social welfare*, p. 31.

inrigtings of op nedersettings. Vroeg reeds is gemeen dat nedersettings vir ongeskikte persone uitgebrei moes word om die dienste van bestaansveiligheid in te sluit. Verskeie tehuise is vir die vier gemeenskappe behartig. Subsidies is aan 'n groot verskeidenheid private instansies betaal wat 'n reusebydrae gelewer het tot die versorging van die gestremde.⁴⁰

Net soos met die ander vraagstukke wat die Owerheid aangepak het, was die vernaamste doel om die gestremde in die samelewing te hou en nie in tehuise nie. 'n Gestremde moes geleer word om hom te handhaaf in die wêreld en 'n bydrae te lewer in die gemeenskap waar hy hom bevind.⁴¹

5.2.1.5 Gesinsorg

Moderne gesinsorg het sy oorsprong in die na-oorlogse toestand in Suid-Afrika. Dienste wat spruit uit die oorlog (1939 -1945), is aanvanklik deur die Departement van Volkswelsyn oorgeneem. Hierby ingesluit was oorlogsnood, versorging van die gesinne van geïnterneerdes, welsynsdienste aan afhanklikes van soldate, en vlugtelingversorging.

⁴⁰ NAB, Pretoria, Lêer: INL 1/3/3, Band: B/6/1 Secretary for Bantu Administration and Development / Department of Bantu Administration and Development, General Circular No. 12 of 1963; Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, p. 57; *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962 (RP 58/1962)*, p.16; Republiek van Suid-Afrika. Departement van Indiërsake, *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 3 Augustus 1961 tot 31 Desember 1970 (RP51/1971)*, p.35; Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn. Administrasie : Volksraad, *Jaarverslag 1992 (RP 38/1993)*, pp. 44 - 45; Departement van Samewerking en Ontwikkeling, *Verslag Departement van Samewerking en Ontwikkeling 1 April 1983 tot 31 Maart 1984 (RP 90/1984)*, p. 21; Administrasie: Raad van Verteenwoordigers, *Jaarverslag 1992 (RP 160a/1993)*, p. 26; Department of Bantu Administration and Development, *Report of the Department of Bantu Administration and Development for the period 1st January, 1964 to 31st December, 1964 (RP 14/1966)*, p. 10; Departement van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkinge, *Jaarverslag vir die tydperk 1 April 1979 tot 31 Maart 1980 (RP 58/1981)*, p. 26.

⁴¹ NAB, Pretoria, Lêer: Inl 1/3/3, Band: B/6/1 Sekretaris van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling / Departement van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling, Algemene Omsendbrief No. 41 van 1963; Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Verslag vir die tydperk 1971 -1972 (RP 35/1973)*, p.7; Departement van Indiërsake, *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980 (RP 114/1980)*, p. 58; Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene, *Jaarverslag 1980*, p. 51; Departement van Gesondheid en Welsyn, *Jaarverslag 1984*, p. 58; Administration: House of Representatives, *Annual Report 1987 (RP 48/1988)*, p. 41; *Jaarverslag 1990 (RP 122/1991)*, pp.21 - 22.

Reeds voor die verskyning van die verslag van die Komitee van Onderzoek na Beskutte Arbeid (Williamson-komitee) in 1949 is daar begin met 'n skema vir beskutte arbeid. Die doel was om sekere ongeskikte oudvrywilligers geskikte werk te gee. Later is hierdie diens uitgebrei om gestremdes wat nie noodwendig in die oorlog beseer is nie, in te sluit.⁴²

Om persone te help wat werkloos was of die een of ander maatskaplike probleem ondervind het, is daar in die sestigerjare meer aandag aan werkkolonies vir blanke mans en vrouens gegee. Die implementering van werkkolonies as 'n daadwerklike hulpmiddel is beskou as 'n uitdaging vir maatskaplike werk in Suid-Afrika.⁴³

Eers in 1968 is daar binne die Departement van Volkswelsyn en Pensioene 'n afsonderlike afdeling genaamd Gesinslewe gestig. Die taak van dié afdeling was om aandag te gee aan sake wat die gesinslewe bedreig. 'n Aksieplan moes saamgestel word en daarvoor is navorsing hier en oorsee uitgevoer. Om die gesinslewe in Suid-Afrika op 'n gesonde grondslag te hou, het gereelde simposiums oor sake wat die gesin direk raak plaasgevind. Verder is voorligtingsdienste uitgebrei, en gesins-, jeug- en kinderkampe gereël. In hierdie opsig het die Departement van Volkswelsyn en Pensioene nou saamgewerk met ander Owerheidsdepartemente.⁴⁴

Die gesin is beskou as die belangrikste instansie waar individue gedrag en norme aanleer. 'n Standvastige gesinslewe sou emosionele, intellektuele en sosiale ontwikkeling by die individue bevorder. 'n Simptoom van die probleme binne gesinne en terselfdertyd 'n vraagstuk wat die gesin teen die laaste twee dekades van dié eeu bedreig, is leegleëry.

⁴² Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, p. 4; M.C. Potgieter, *Maatskaplike Sorg in Suid-Afrika*: . . pp. 39 - 40.

⁴³ Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962. (RP 58/1962)*, p. 16.

⁴⁴ Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1966 to 31st March, 1970. (RP 83/1970)*, pp.30 - 31; asook en *Verslag vir die tydperk 1972 -1974 (RP 91/1975)*, p. 40; *Maatreëls ter bevordering van die gesinslewe in Suid-Afrika. Verslag oor 'n ondersoek na maatreëls wat in Suid-Afrika ten behoeve van die gesinslewe toegepas word*, pp. 3 - 4, 10, 15.

Teen die tagtigerjare is 'n verskerpte veldtog deur al die betrokke Owerheidsdepartemente ingestel om dit teen te werk.⁴⁵

5.2.1.6 Dwelmafhanklikheid

Teen 1950 is daar twee inrigtings vir blanke dranksugtiges deur die Departement van Volkswelsyn gesubsidieer, terwyl die Magaliesoord (eers Sonderwater) van werkkolonie na 'n hawe vir alkoholistiese blanke mans verander is. Vir vroue is 'n inrigting te Pretoria-Noord ingerig, asook te Swartfontein.⁴⁶

Alkoholisme is 'n nasionale probleem wat verreikende gevolge vir almal wat daarmee in aanraking kom, kan hê. Daarom is voortdurend gepoog om hele gesinne te betrek. 'n Inligtingsdiens ten opsigte van alkoholisme, tehuise, wetgewing en nasorgdiens is ook in die lewe geroep. Daarby is bestaande fasiliteite verbeter. Werkkolonies en nedersettings is vernuwe, sodat beter in die behoeftes van die inwoners voorsien kon word.⁴⁷

Buiten drankmisbruik is die grootste probleem die gebruik van ander dwelmmiddels soos dagga. In die sewentigerjare is die klem al hoe meer laat val op hierdie probleem. So het die Indiërdepartement 'n ondersoek na dwelmmisbruik in 1972 gelas.⁴⁸ Die gebruik van dagga en ander middels het nogtans toegeneem en verskerpte aksies van die Owerheid

⁴⁵ South African Institute of Race Relations, *The Indian South African. Papers presented at a Conference held under the auspices of the South African Institute of Race relations (Natal Region) in Durban on 14th October, 1966*, pp. 29-36; Republic of South Africa. Department of Indian Affairs, *Report of the Department of Indian Affairs for the period 1 July 1976 to 30 June 1977 (RP 19/1978)*, p. 32; Administrasie: Raad van Verteenwoordigers, *Jaarverslag 1988 (RP 47/1989)*, p.32; Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene, *Jaarverslag 1980*, p. 54.

⁴⁶ Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1962 to 31st March, 1964 (RP 32/1964)*, p.22 and *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1964 to 31st March, 1966 (RP 67/1966)*, pp.24-25.

⁴⁷ NAB, Pretoria, Leër: Inl 1/3/3, Band: B/6/12, Director, Municipal Bantu Administration / Department of Bantu Administration and Development / Advice to City Bantu: Liquor Amendment and Bantu Beer Acts, 13th August 1962; Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1964 to 31st March, 1966 (RP 67/1966)*, pp.55- 57; en *Verslag vir die tydperk 1970 -1971 (RP 96/1971)*, p. 4.

⁴⁸ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Indiërsake, *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 1 Januarie 1971 tot 30 Junie 1971 (RP 38/1972)*, p. 46.

gevera. Meer rehabilitasiesentrums en nasorgdienste is gesubsidieer, terwyl 'n groot aantal publikasies oor die verskynsel die lig gesien het.⁴⁹

Die oorkoepelende beleid ten opsigte van rehabilitasie was dat die probleem net doeltreffend binne die gesin en gemeenskap opgelos kon word.⁵⁰ In 'n poging om die euwels van verslawingvormende middels bekend te stel aan die breë publiek, het die Departement van Volkswelsyn en Pensioene in 1975 'n rolprent gemaak om te help stry teen alkoholmisbruik.⁵¹

5.2.1.7 Ander dienste

Sedert 1946 het die Departement van Volkswelsyn die administrasie van bestaansveiligheidgeld oorgeneem van privaatorganisasies. Die omvang van hierdie noodsaaklike diens het dit onmoontlik gemaak vir die privaatorganisasies om daarmee voort te gaan.⁵²

Die bestaansveiligheidsuitbetalings is saamgestel uit 'n verskeidenheid pensioene en toelaes wat aan verskeie groepe noodlydendes uitbetaal is. Ingesluit hierby was ongeskiktheidstoelaes, ouderdomspensioene, oudstryderspensioene en gesinstoelaes. Met

⁴⁹ Republic of South Africa. Department of Indian Affairs, *Report of the Department of Indian Affairs for the period 1 July 1971 to 30 June 1972* (RP 36/1973), p 50; *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 1 Julie 1975 tot 30 Junie 1976* (RP 38/1977), p 43; *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980* (RP 114/1980), p. 54; Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene, *Jaarverslag 1980*, p. 54; Administration: House of Representatives, *Annual Report 1987* (RP 48/1988), p. 30.

⁵⁰ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Verslag vir die tydperk 1972 -1974* (RP 91/1975), pp. 32 - 33; Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene, *Jaarverslag 1978* (RP 111/1979), p. 16; Departement van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkings, *Jaarverslag vir die tydperk 1 April 1977 tot 31 Maart 1978* (RP 15/1979), p. 25.

⁵¹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Verslag vir die tydperk 1972 -1974* (RP 91/1975), p. 34.

⁵² Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949*. (UG 36/1950), p. 5.

die samesmelting van die Departement van Volkswelsyn en die Departement van Pensioene in 1958, is hierdie dienste weer eens uitgebrei.⁵³

Hierdie pensioene en toelaes is deur die dekades aangevul en is met die styging van lewensduurte periodiek aangepas. Al die gemeenskappe het gedeel in hierdie diens, alhoewel daar verskillende skale vir uitbetaling aan die onderskeie gemeenskappe gegeld het. Tot in 1973 is die pensioene wat aan swartes uitbetaal is nog gebaseer op die 1944-wet. Eers in 1973 is weg beweeg hiervan, en die bedrag wat jaarliks uitbetaal is het hierna aansienlik verhoog.⁵⁴

Deur die jare het bestaansveiligheid net gepoog om 'n tydelike geldelike verligting teweeg te bring. Bevoorreedes moes geleer word om hulle probleme op te los en is daarom in ander skemas geplaas waar hulle geleer kon word om 'n sekere ambag te volg of onderrig van die een of ander aard kon ontvang.⁵⁵

'n Groot verskeidenheid programme is deur die loop van jare deur verskeie Owerheidsdepartemente aangepak om in (tydelike) noodsituasies te voldoen. Die vroegste

⁵³ Enkele van die Owerheidspublikasies waar besonderhede aangaande bestaansveiligheids-uitbetalings nageslaan kan word. Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962*. (RP 58/1962), pp.33 - 40; *Verslag vir die tydperk 1972-1974*. (RP 91/1975), pp. 22-23; Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene, *Jaarverslag 1980*, p. 58; Departement van Kleurlingsake, *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 Januarie 1962 tot 31 Maart 1964* (RP82/1964), pp. 7 - 14; *Report for the period 1 April 1968 to 31 March 1969* (RP 27/1970), p. 15; Departement van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkings, *Jaarverslag vir die tydperk 1 April 1977 tot 31 Maart 1978* (RP 15/1979), p. 20; Departement van Indiërsake, 1971. *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 3 Augustus 1961 tot 31 Desember 1970* (RP51/1971), pp. 30 - 31; Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling vir die tydperk 1 April 1975 tot 31 Maart 1976* (RP 28/1977), p. 2; Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, *Jaarverslag 1986* (RP 39/1987), pp. 47 - 48; Administration: House of Representatives, *Annual Report 1987* (RP 48/1988), p. 39; Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, *Jaarverslag 1993* (RP 160/1993), pp. 42 - 43.

⁵⁴ N. Steytler, (Ed.), *The Freedom Charter and beyond. Founding principles for a democratic South African legal order*, pp. 222 - 223.

⁵⁵ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Verslag van die Nasionale Konferensie insake Maatskaplike Werk*, pp. 10 - 11; E. Theron en A. A. Stulting, *Maatskaplike dienste in Suid-Afrika*, p. 31.

hiervan was die werksentrums vir behoeftige vroue waarvan daar in 1950 reeds 'n groot aantal was.⁵⁶

Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog het ook sy invloed gehad in die Nasionale Werkopleidingskorps. Hierdie skema moes die terugplaas van oud-vrywilligers in die normale samelewing vergemaklik.⁵⁷

Regshulpburo's is 'n poging om regshulp aan hulpbehoewendes wat dit nie self kan bekostig nie, te verskaf. Hierdie diens is hoofsaaklik deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene gelewer en was vir alle rasse beskikbaar.⁵⁸

Benewens hierdie statutêre dienste is verskeie nie-statutêre skemas is ook deur die jare gelewer. Die dienste het gewissel van openbare bystand, rantsoene, klere, komberse, ens. aan behoeftige gesinne. Hierdie reëlins is beskou as bloot tydelike maatreëls. Die hoofdoel was om die persone weer onafhanklik te maak.⁵⁹

⁵⁶ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949* (UG 36/1950), p. 105.

⁵⁷ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949* (UG 36/1950), pp. 105-106, 113.

⁵⁸ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949* (UG 36/1950), p. 116; Republiek van Suid-Afrika. Departement van Indiërsake, *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 1 Julie 1975 tot 30 Junie 1976* (RP 38/1977), p.41; L.R. Louw, "Apartheid, poverty, social transformation: a pilgrimage to a non-racial democracy challenges social work in South Africa", *Social Work/Maatskaplike Werk*, 27:1, March, pp. 22 - 27.

⁵⁹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Kleurlingsake, *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 Januarie 1962 tot 31 Maart 1964* (RP 82/1964), p.12; Departement van Indiërsake, *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 1 Januarie 1971 tot 30 Junie 1971* (RP 38/1972), p. 50; *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 1 Julie 1977 tot 30 Junie 1978* (RP 120/1978), p. 47; Departement van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkinge, *Jaarverslag vir die tydperk 1 April 1977 tot 31 Maart 1978* (RP 15/1979), p. 22; Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, *Jaarverslag 1987* (RP 54/1988), p. 47.

5.2.2 Die rol van Owerheidsdepartemente en interdepartementele komitees en kommissies

In die vroeë vyftigerjare is die noodsaaklike herorganisasie van die dienste van die Departement van Volkswelsyn tot uitvoering gebring. Die Du Plessis-verslag het aanbeveel dat gesinsorgdienste aan die vrywillige organisasies oorgelaat moes word, terwyl die Owerheid verantwoordelikheid vir die statutêre dienste moes aanvaar. Gevolglik is die funksies van die Departement heringedeel en sy velddienste herskommel. Saam met die herorganisasie is daar vakkundige status aan die volkswelsynsbeamptes toegeken en oorgegaan tot die stigting van streekskantore. Met die instelling van hierdie kantore is velddienste verbeter en het dit gelei tot doeltreffender uitvoering van dienste.⁶⁰

Terselfdertyd is breedvoeriger aandag gegee aan die opstel van 'n welsynstelsel. Om betrekkinge tussen die Departement van Volkswelsyn en vrywillige organisasies te reguleer is 'n werksverdelingsooreenkoms en kanalisasiebeleid ingestel. Verder kon die Departement voorkom dat sy dienste en die dienste van ander Owerheidsdepartemente oorvleuel. Hierdie ontwikkelinge het beteken dat provinsies en plaaslike Owerhede in die toekoms geen besonderse aandeel aan die welsynstelsel sou hê nie.⁶¹

'n Ad hoc-komitee tussen die verskeie Departemente wat verantwoordelik was vir welsynsdienste aan die verskeie gemeenskappe het die mening gehuldig dat dit tyd was dat elke gemeenskap verantwoordelikheid vir sy eie welsynsdienste moet aanvaar. Daar is gemeen dat blankes aanvanklik leiding in veral die swart gemeenskappe moes gee.⁶²

⁶⁰ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiëring van vrywillige welsynsorganisasies*, pp. 1 - 3, 60; vergelyk ook *Verslag van die Nasionale Konferensie insake Maatskaplike Werk*, p. 8; Republiek van Suid-Afrika, *Wet op Welsynsorganisasies No. 40 van 1947 Eerste vyf jaarverslag van die Nasionale Welsynsraad vir die tydperk 1 November 1957 tot 31 Oktober 1962*, pp. 9 - 10; S.W.P. Grobbelaar, "Enkele gedagtes met betrekking tot die houding van die staat ten opsigte van welsynsdienste met besondere verwysing na die Republiek van Suid-Afrika", *Welsynsfokus/Welfare focus*, 22:1, June, pp. 13 - 18.

⁶¹ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiëring van vrywillige welsynsorganisasies*, pp. 8 - 9; A. T. Winckler, *Volkswelsynbeleid*: . . ., pp. 208 - 209.

⁶² Republiek van Suid-Afrika, *Wet op Welsynsorganisasies No. 40 van 1947 Eerste vyf jaarverslag van die Nasionale Welsynsraad vir die tydperk 1 November 1957 tot 31 Oktober 1962*, p. 13.

Teen 1962 is die rol van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene beskou as tweevoudig. Eerstens moes sosiale wanaanpassing en verarming in die gesin of gemeenskap voorkom en beveg word en maatreëls hiervoor gekoördineer word, terwyl daar tweedens voorsiening gemaak moes word vir siviele en oorlogspensioene.⁶³ Ander funksies het ingesluit die versorging van fisiek gestremde persone, revalidasiedienste, bejaardesorg, nedersettings vir gestremde en bejaarde persone, tehuise vir laagbesoldigde werkers, en sosiale sentrums. Die Departement het ook drie spesiale fondse behartig: die Nasionale Hulpfonds, die Fonds vir Buitelandse Hulp en die Nasionale Mynrampfonds.⁶⁴

Diversifisering binne die verskeie Owerheidsdepartemente is in die begin sewentigerjare gekenmerk deur die stigting van verskeie subafdelings. Hierdie subafdelings het ingesluit 'n afdeling Welsynsdienste en 'n onderafdeling vir die Versorging van die Bejaarde en Gesinslewe in die Departement van Indiërsake, asook 'n Welsynsbeplanningafdeling in die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.⁶⁵

In 1985-1986 het die Owerheid begin met die sogenaamde Bevolkingsontwikkelingsprogram (BOP) wat voorsiening gemaak het vir 'n Subdirektoraat Algemene Welsynsvoorligting.⁶⁶ Die Wet op Ontwikkeling en Behuising van 1985, het ook voorsiening gemaak vir "welsynsprojekte". Dié projekte het hoofsaaklik te doen gehad met die aankoop of bou van huise of wonings vir persone wat op welsynsbystand van die Owerheid aangewese was. Subsidies en lenings kon ook toegestaan word om behuising te voorsien.⁶⁷

⁶³ Republic of South Africa, Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962 (RP 58/1962)*, pp. 5 - 6.

⁶⁴ Republic of South Africa, Department of Social Welfare en Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962 (RP 58/1962)*, pp. 8 - 9, 16 - 23.

⁶⁵ Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1966 to 31st March, 1970 (RP 83/1970)*, pp. ii, 24.

⁶⁶ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, *Jaarverslag 1986*, pp. 47 en 56; Centre for Policy Studies, *Policy perspectives 1989. South Africa at the end of the eighties*, p.189.

⁶⁷ Republiek van Suid-Afrika. Administrasie: Volksraad. Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, *Jaarverslag 17 September 1984 tot 31 Desember 1985. (RP 53/1986)*, pp. 10,18.

Die verbeterde beplanning en uitvoering van welsynsdienste ten opsigte van swart gemeenskappe is vergemaklik na die instelling van die Welsynsadviesraad in 1988. Die Gemeenskapswelsynswet van 1987 het voorsiening gemaak vir die instelling van die Gemeenskapswelsynsadviesraad en Streekswelsynrade wat gepoog het om gemeenskappe meer betrokke te kry. Die streekswelsynrade het direkte skakeling tussen die Minister van Welsyn en die gemeenskap bewerkstellig. Welsynskomitees om gebiede te bedien en te help met die daarstelling van welsynsprogramme is ook ingestel.⁶⁸

‘n Uitvloeisel van bogenoemde was die instelling van ‘n Direktoraat Maatskaplike Welsyn in die Departement van Gesondheid en Welsyn (Administrasie: Raad van Afgevaardigdes). In die nuwe direktoraat sou spesifieke behoeftes en sosiale ontwikkeling aangepak en bevorder kon word.⁶⁹

Die vroeg-negentigerjare het ‘n bloei in die instelling van meer gediversifiseerde streeksprogramme gesien. Groter skakeling tussen nasionale, provinsiale en plaaslike welsynskantore het die uitvoering van dienste bevorder. Eers met die ineenskakeling van al die Departemente se welsynsdienste in 1994 is die fragmentasie wat vantevore bestaan het, finaal verbreek.⁷⁰

Die verskeie Owerheidsdepartemente het dit goedgevind om deur die jare gereeld byeen te kom om sekere dringende maatskaplike probleme te bespreek en oplossings te vind. ‘n Groot verskeidenheid konferensies en kongresse het die afgelope 48 jaar plaasgevind.

⁶⁸ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Ontwikkelingsbeplanning Staatkundige Ontwikkelingsdiens, *Jaarverslag 1988 (RP 37/1989)*, p. 18; Administrasie: Raad van Verteenwoordigers, *Jaarverslag 1992 (RP 160a/1993)*, p. 28; S.W.P. Grobbelaar, “Enkele gedagtes met betrekking tot die houding van die staat ten opsigte van welsynsdienste met besondere verwysing na die Republiek van Suid-Afrika”, *Welsynsfokus/Welfare focus*, 22:1, pp. 13 - 18, June.; Centre for Policy Studies, *Policy perspectives 1989. South Africa at the end of the eighties*, pp. 38, 52 - 53.

⁶⁹ Republiek van Suid-Afrika. Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, *Jaarverslag 1989. (RP 39/1990)*, p. 54.

⁷⁰ Dit het egter nie beteken dat die Owerheid volle verantwoordelikheid vir alle maatskaplike aksies en programme op hom sou neem nie. Samewerking met partikuliere organisasies en met die verskeie gemeenskappe is ook soos voorheen beklemtoon. Republiek van Suid-Afrika. Administrasie: Raad van Verteenwoordigers, *Jaarverslag 1991 (RP 123/1991)*, p. 42; asook *Jaarverslag 1992 (RP 160a/1993)*, p. 28; Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, *Jaarverslag 1990 (RP 62/1991)*, p. 61; Departement van Welsyn, *Verslag van die Departement van Welsyn vir die jaar 1994 (RP 104/1995)*, pp. 1 - 3. Kyk Hoofstuk Ses.

Alle sfere van maatskaplike werk en alle moontlike probleme is in oënskou geneem. Klem het veral geval op die bestudering en oplossing van maatskaplike vraagstukke rakende die kind, bejaarde, gestremde en die gesin. Welsynsbeplanning en beleidsrigtings is egter nie agterweë gelaat nie.

<i>Tabel Nr. 6</i>	
Van die Nasionale Konferensies rakende welsyns-aangeleenthede gehou sedert 1948	Jaartal
• Welsyn van Bejaardes	1950
• Kinderinrigtings	1951
• Maatskaplike Werk	1951
• Alkoholisme	1951
• Belemmerde Persone	1952
• Maatskaplike Werkprofessie	1954
• Welsyn van Bejaardes	1955
• Gesinskongres	1961
• Gestremde Kind	1967
• Welsynsbeplanning	1969
• Bejaardesorg	1971
• Pleegsorg t.o.v. die sorgbehoewende kind	1973
• Simposium oor welsynsake bygewoon deur maatskaplike werkers van al die swart state en Departement van Volkswelsyn en Pensioene	1978
• Dwelmmisbruik en die Misbruik van Medisyne	1979
• Huweliks- en Gesinslewe	1981
• Intervensie ten opsigte van moeder- en babasorg	1983
• Simposium oor probleme en gevalle wat maatskaplike werkers ervaar in hulle werk	1987
• 2 Simposiums oor Gesinslewe	1990
• Gemeenskapsgebaseerde Gesondheids- en Welsynsdienste in 'n veranderde Suid-Afrika	1990
• Gemeenskapsgerigte Gesondheid- en Welsynsdienste in 'n veranderde Suid-Afrika	1990
• Gesinsbeleid	1994
• Familelewe	1994

In Tabel Nr. 6⁷¹ word daar verwys na dié Nasionale Konferensies wat die probleme rakende die gesin, kind, bejaarde, gestremde en dwelmafhanklike behandel het. Samewerking tussen die onderskeie Departemente en beplanning van die welsynsbeleid is ook deur gereelde ontmoetings op nasionale vlak aangepak.

⁷¹ Tabel Nr. 6 is saamgestel uit verskeie regeringsverslae. Vir 'n volledige lys van regeringsverslae gebruik in hierdie studie, vergelyk die bronnelys.

5.2.3 Die Owerheid en welsynsopleiding

5.2.3.1 Opleiding van maatskaplike werkers en indiensopleiding

In 1950 verskyn die verslag van die Komitee oor die Opleiding en Indiensneming van Maatskaplike Werkers (Van Schalkwyk-komitee). Aanbevelings is gedoen oor die teoretiese inhoud van die opleidingskursusse en die aard van die praktiese skoling van maatskaplike werkers. Die duur van opleiding, keuring van studente en spesialisasie in opleiding is ook ondersoek. Die Van Schalkwyk-komitee het in besonder ook ondersoek ingestel na die stigting van 'n beroepsvereniging vir maatskaplike werkers op nasionale grondslag. Op 27 September 1951 het die Maatskaplike Werkvereniging van Suid-Afrika tot stand gekom, terwyl 'n soortgelyke organisasie vir nie-blanke maatskaplike werkers, die South African Non-European Social Workers' Association, eers in 1955 gestig is.⁷² Die professionele status van amptenare van die Departement van Volkswelsyn, is vanaf 1955 erken. Om te kwalifiseer, moes hulle oor universiteitsopleiding beskik.⁷³

In 1958 het die Departement van Bantoe-onderwys besluit om die bestaande Jan Hofmeyrskool⁷⁴ en Stofberg-gedenkskool wat opleiding in maatskaplik werk aan swartes verleen het, te sluit. Dit was in ooreenstemming met die Owerheid se beleid om opleidingsinrigtings van swartes geleidelik na die swart gebiede te verskuif. 'n Komitee is wel ingestel om alternatiewe opleidingsinstansies te ondersoek asook die inhoud van so 'n kursus. Uiteindelik is besluit om vanaf 1961 swart maatskaplike werkers by swart universiteite op te lei.⁷⁵

Die behoefte onder maatskaplike werkers in diens van die Owerheid aan indiensopleiding is in 1956 vervat met die instelling van 'n opleidingskema in die Departement van Volkswelsyn. Nege jaar later is 'n handleiding ook beskikbaar gestel om indiensopleiding

⁷² A.J. Auret, *Die ontwikkeling van maatskaplike werk as professie in Suid-Afrika*, p. 32; M.C. Potgieter, *Maatskaplike Sorg in Suid-Afrika*: . . ., p. 42.

⁷³ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Verslag van die werkgroep insake die registrasie van maatskaplike werkers, Nr. 4 van 1964*, pp. 6 - 8.

⁷⁴ Sedert die skool se stigting in 1940 tot die einde van 1953 het 177 nie-blanke kandidate diplomas ontvang. Unie van Suid-Afrika, *Samevatting van die verslag van die kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika*, p. 65.

⁷⁵ Republiek van Suid-Afrika, *Wet op Welsynsorganisasies No. 40 van 1947 Eerste vyf jaar-verslag van die Nasionale Welsynsraad vir die tydperk 1 November 1957 tot 31 Oktober 1962*, pp. 11 - 12. Vergelyk ook L. Martime, "Subsidies for social work in South Africa: progress and potential", *Social Work/Maatskaplike Werk*, 25:2, June, pp.123 - 139.

te vergemaklik. Indiensopleiding vir Kleurlinge het 'n paar jaar later gevolg en daar is gepoog om teorie en praktyk met mekaar te versoen in hierdie sessies.⁷⁶ Indiensopleiding vir amptenare van die Indiërdepartement het gevolg.⁷⁷

Gedurende die periode 1970 - 1979, het die verskeie Departemente 'n chroniese tekort aan maatskaplike werkers ondervind. Beter opleiding het hierdie probleem in 'n mate opgelos, maar daar was gedurig 'n tekort aan veral manlike maatskaplike werkers. Waarskynlik aangesien maatskaplike werk tradisioneel beskou is as 'n beroep vir vroue. Sedert 1971 is 'n beursleningskema deur die Owerheid ingestel om beurse aan verdienstelike kinders van maatskaplike pensioen- en toelaettrekkers toe te ken. Hoofsaaklik studente wat maatskaplike werk of 'n soortgelyke studie wou volg, is finansiële gehelp.⁷⁸

Die probleem met personeeltekort was egter nog nie heeltemal iets van die verlede in die volgende dekade nie. 'n Gewysigde salarisskaal in die Departement van Samewerking en Ontwikkeling was 'n poging om maatskaplike werkers te behou vir die Departement se suksesvolle voltooiing van take.⁷⁹

5.2.3.2 Navorsing

Navorsing het van die begin af 'n belangrike rol by die verlening en beplanning van maatskaplike werk gespeel. Namate die dienste en fasiliteite van die verskeie Departemente gevestig is, is daar navorsingsafdelings by elk gestig. Gedurende die

⁷⁶ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Verskuiwing van die klem in maatskaplike werk na voorkomingsdienste*, p. 15, Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1964 to 31st March, 1966 (RP 67/1966)*, p. 22; Department of Coloured Affairs, *Report for the period 1 April 1968 to 31 March 1969 (RP 27/1970)*, p. 11.

⁷⁷ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Indiërsake, *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 1 Julie 1972 tot 30 Junie 1973. (RP 48/1974)*, p. 27.

⁷⁸ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Verslag vir die tydperk 1971 - 1972 (RP 35/1973)*, p. 1; *Jaarverslag 1976 (RP 30/1978)*, p. 1; Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn. Administrasie : Volksraad, *Jaarverslag 1991 (RP 55/1992)*, p. 46; F.J. Lund, "A window on welfare: some results from a study of government welfare departments", *Social Work/Maatskaplike Werk*, 30:1, March, pp. 25 - 41.

⁷⁹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Samewerking en Ontwikkeling, *Verslag Departement van Samewerking en Ontwikkeling 1 April 1983 tot 31 Maart 1984. (RP 90/1984)*, p. 20.

vyftigerjare het die Departement van Volkswelsyn en Pensioene hom al hoe meer op spesialiteitsrigtings en maatskaplike navorsing toegespits. Geleidelik is daar ook wegbeweeg van die vorige beleid van besnoeiing van volkswelsynsdienste.⁸⁰ Teen 1950 is 'n eie navorsingsafdeling binne die Departement van Volkswelsyn en Pensioene gestig. Studie is veral gewy aan wetgewing, praktyk en metodes van ondersoek. Verder het die navorsingsafdeling ook inligting aan takkantore verskaf.⁸¹

In die daaropvolgende jaar het nouer samewerking ook tussen die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en die Nasionale Raad vir Maatskaplike Navorsing die maatskaplikewerkpraktyk bevoordeel. Die navorsingsafdeling van die Departement Volkswelsyn en Pensioene het gereeld 'n aantal publikasies oor 'n verskeidenheid onderwerpe die lig laat sien. Verder is inligtingdienste ook uitgebrei en is begin met indiensopleiding van personeel.⁸²

'n Spesiale navorsingseenheid vir die Kleurlinge is teen 1964 gestig, en 'n navorsingsprogram aangaande probleme rakende die Kleurling is begin. 'n Spesiale afdeling Maatskaplike Voorligting met Gemeenskapsorg is ook gestig. Teen die begin van die sewentigerjare het die meeste van die Owerheidsdepartemente navorsingsafdelings tot hulle beskikking gehad.⁸³

Die navorsingsafdeling van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene het in die dekade sewentig die effektiewe integrasie van maatskaplike dienste, die instelling van hoë standaarde van professionele diens en die vind van 'n balans tussen sosiale behoeftes

⁸⁰ M.C. Potgieter, *Maatskaplike sorg in Suid-Afrika*: . . ., p. 40.

⁸¹ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949*. (UG 36/1950), p.14.

⁸² Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 April 1949 tot 31 Maart 1951*. (UG 69/1951), p. 8; Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962*. (RP 58/1962), pp. 52 - 53.

⁸³ Republic of South Africa. Department of Bantu Administration and Development, *Report of the Department of Bantu Administration and Development for the period 1st January, 1964 to 31st December, 1964* (RP 14/1966), p. 28; Departement van Kleurlingsake, *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 April 1966 tot 31 Maart 1967* (RP 21/1968), p. 11; Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1966 to 31st March, 1970* (RP 83/1970), p. 24.

en hulpbronne beskikbaar, ondersoek. Die Raad vir Geestes-en Wetenskaplike Navorsing (RGN) het waardevolle navorsing oor maatskaplike vraagstukke in samewerking met die verskeie Owerheidsdepartemente verrig.⁸⁴

In 1972 is veral gekonsentreer op navorsing met betrekking tot bejaardes en gestremdes.⁸⁵ In 1975 is daar in die Departement van Bantoe-ontwikkeling uiteindelik 'n Seksie Beplanning vir Vakkundige Dienste en Maatskaplike Sorg asook 'n Seksie Opleiding en Voorskrifte gestig.⁸⁶ Hiermee is dié Departement volkome in ooreenstemming gebring met die ander Owerheidsdepartemente verantwoordelik vir welsyn.

Die verskeie navorsingsafdelings het 'n verskeidenheid publikasies beskikbaar gestel asook literatuurlyste. Met die hulp van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene is in 1976 'n Woordeboek vir Maatskaplike Werk uitgegee.⁸⁷ 'n Algemene behoefte aan groter skakeling tussen die verskeie nasionale rade het op 16 Maart 1979 uitgeloop op die stigting van 'n Nasionale Skakelkomitee. Verteenwoordigers van alle nasionale rade en die onderskeie Owerheidsdepartemente betrokke, was verteenwoordig in hierdie komitee.⁸⁸

Elke Departement verantwoordelik vir maatskaplike dienslewering het ook reeds oor 'n reeks vakkundige en velddienste beskik. Hierdie dienste het die omvang, aard en oorsake van wantoestande bepaal. Daarna is gepoog om die lewering van maatskaplike dienste te bevorder.⁸⁹

⁸⁴ Republic of South Africa. Department of Coloured Affairs, *Report for the period 1 April 1968 to 31 March 1969 (RP 27/1970)*, pp. iv, 11.

⁸⁵ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Verslag vir die tydperk 1971-1972 (RP 35/1973)*, p. 4.

⁸⁶ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Bantoe-Administrasie en-ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Bantoe-Administrasie en-ontwikkeling vir die tydperk 1 April 1975 tot 31 Maart 1976 (RP 28/1977)*, p. 17.

⁸⁷ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Jaarverslag 1976 (RP 30/1978)*, pp. 28,29.

⁸⁸ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Samewerking en Ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling vir die tydperk 1 April 1978 tot 31 Maart 1979 (RP 102/1979)*, p. 5.

⁸⁹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Samewerking en Ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling vir die tydperk 1 April 1979 tot 31 Maart 1980 (RP 104/1980)*, p. 29.

Hierdie taak is vergemaklik deur die Nasionale Skakelkomitee. Bygestaan deur plaaslike skakelkomitees is skakeling tussen die plaaslike en nasionale Owerheidsinstansies vergemaklik. Die funksies van hierdie komitees kan opgesom word as die uitruil van kennis, bevordering van gemeenskapbetrokkenheid en die kweek van 'n gesonde en positiewe lewenshouding.⁹⁰ 'n Behoeftes wat reeds in die jare sewentig verwoord is, was die daarstelling van 'n verklarende maatskaplikewerkwoordeboek. Na twaalf jaar van intensiewe navorsing kon die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk vroeg in 1984 die tweede woordeboek vir maatskaplike werk bekendstel. Dit is die eerste tweetalige definiërende maatskaplikewerkwoordeboek in die wêreld.⁹¹

5.3 RASSE DIVERSIFISERING VAN WELSYNSDIENSPROGRAMME MET BETREKKING TOT WETGEWING

5.3.1 Die Owerheid en die maatskaplike posisionering van swartmense

Die Du Plessis-komitee het in 1953 aanbeveel dat die plaaslike Owerhede maatskaplike sorg vir swartmense moes bevorder en behartig, maar dat welsynsorganisasies vir swartmense ook al hoe meer betrek moes word.⁹² Aansluiting is hierby gevind deur die verslag van die Tomlinson-kommissie. Dié kommissie het in 1955 bevind dat die sosiale lewe van die swartes in die swart gebiede drasties verander het gedurende die afgelope paar dekades. Die ekonomiese en moderne ontwikkeling het ontstamming en disintegrasie van die tradisionele patrone tot gevolg gehad. Die ongeletterdheid en onkunde van die grootste deel van die gemeenskap het nie veel gehelp om die situasie te verander nie. Die groot verskil tussen die lewe in die stad en die lewe in die swart gebiede het ook 'n nadelige invloed op die maatskaplike lewe van die swartes.⁹³

⁶⁹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Samewerking en Ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling vir die tydperk 1 April 1979 tot 31 Maart 1980 (RP 104/1980)*, p. 30 en *Verslag Departement van Samewerking en Ontwikkeling 1 April 1983 tot 31 Maart 1984 (RP 90/1984)*, p. 21.

⁹¹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Gesondheid en Welsyn, *Jaarverslag 1984*, p. 60.

⁹² Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiering van vrywillige welsynsorganisasies*, p. 11.

⁹³ Unie van Suid-Afrika, *Samevatting van die verslag van die kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika*, pp. 62 - 63.

Daar is ook bevind dat daar geen koördinerende liggaam was wat al die welsynsdienste vir die swart gemeenskap behartig het nie. Selfs op Owerheidsvlak was 'n verskeidenheid Departemente verantwoordelik vir welsynsdienste. Hoofsaaklik het die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling en die Departement van Volkswelsyn, welsynsdienste vir die swart gemeenskap georganiseer. Meer spesifiek was die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling verantwoordelik vir ouderdomspensioene, pensioene vir blindes, ongeskiktheidstoelaes, toelaes aan behoeftige voormalige swart lede van militêre eenhede, armesorg, noodleniging en silikosevoordele. Daarteenoor het die Volkswelsyndepartement hoofsaaklik subsidiëring van dienste, tehuise en werkswinkels en ander inrigtings behartig.⁹⁴

Buite-parlementêre organisasies soos die ANC het in 1955 met die bekendstelling van die Vryheidshandves, voorspraak gemaak dat die Owerheid 'n doeltreffende welsynsinfrastuktuur moes daarstel om voorsiening te maak vir behuising, voeding, onderwys, mediese sorg en tehuise vir bejaardes.⁹⁵

Die organisasie van welsynsdienste vir swartes in blanke gebiede moes in noue samewerking met die Tuislandse Owerhede geskied en deur die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling gekoördineer word. Vanaf 1960 is alle welsynsfunksies ten opsigte van swartes aan die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene oorgedra.⁹⁶ Tot en met 31 Maart 1960 het die Departement van Volkswelsyn en Pensioene swart maatskaplike werkers en gemeenskapsentrums gesubsidieer. Na dié tyd is die subsidiëring deur die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling oorgeneem.⁹⁷

⁹⁴ Unie van Suid-Afrika, *Samevatting van die verslag van die kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika*, p. 64.

⁹⁵ F.A. van Jaarsveld, *100 basiese dokumente . . .*, pp. 251 - 254; N. Steytler, (Ed.), *The Freedom Charter and beyond. Founding principles for a democratic South African legal order*, pp. 9, 217.

⁹⁶ Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962 (RP 58/1962)*, p. 1; *Wet op Welsynsorganisasies No. 40 van 1947 Eerste vyf jaarverslag van die Nasionale Welsynsraad vir die tydperk 1 November 1957 tot 31 Oktober 1962*, p. 14.

⁹⁷ Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962 (RP 58/1962)*, pp. 17 - 18.

Teen die einde van die sewentigerjare het die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling sy taak beskou as die verskaffing en daarstelling van welsynsdienste en geriewe in blanke en swart gebiede. Ten opsigte van hierdie taak is die hulp van die onderskeie swart regerings van die voormalige swart nasionale state ingeroep. Om hierdie funksies tot uitvoering te bring, was die steun van die gemeenskappe self van die uiterste belang.⁹⁸

Om die gemeenskap by die verskaffing van dienste betrokke te kry is daar in die vroegtagtigerjare 'n Afdeling Gemeenskapsontwikkeling binne die Departement van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling gestig. 'n Jaar later het hierdie afdeling en die Subafdeling Etnologiese Dienste saamgesmelt tot 'n Direktoraat Maatskaplike Beplanning.⁹⁹

Die Owerheid het in 1988 die instelling van 'n Welsynsadviesraad vir swart gemeenskappe aangekondig, wat met ingang 2 Junie 1989 sou begin funksioneer. Samewerking tussen die skakelkomitees van die swart gemeenskappe, die streekswelsynsrade en die Suid-Afrikaanse Welsynsraad sou maatskaplike dienslewering vergemaklik.¹⁰⁰

Uitbreiding van hierdie dienste is eerstens gevind in die armsorgmaatreëls van die tyd. Daar is gepoog om die oorsake van die maatskaplike probleme te soek en nie net die simptome alleen te behandel nie. Daar was 'n onwrikbare geloof dat die Owerheid nie moes aalmoese uitdeel nie maar die individue moes help om selfstandigheid te ontwikkel. Dit moes alles geskied met inagneming van die omstandighede, verlede, samestelling en karakter van elke persoon. Daarom is daar ook verskeie kategorieë van armsorg ingestel, bv. diegene wat rantsoene ontvang, of diegene wat addisionele armsorg moes bekom. Huishuur, spoorwegvervoer en die kombiskema was ander kategorieë.¹⁰¹

⁹⁸ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Samewerking en Ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling vir die tydperk 1 April 1978 tot 31 Maart 1979 (RP 102/1979)*, pp. 3, 5.

⁹⁹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Samewerking en Ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling vir die tydperk 1 April 1981 tot 31 Maart 1982 (RP 101/1982)*, p. 24 en *Verslag Departement van Samewerking en Ontwikkeling 1 April 1983 tot 31 Maart 1984 (RP 90/1984)*, p. 5.

¹⁰⁰ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Ontwikkelingsbeplanning Staatkundige Ontwikkelingsdiens, *Jaarverslag 1988 (RP 37/1989)*, p. 18; Departement van Beplanning en Provinsiale Sake, *Jaarverslag 1989 (RP 52/1990)*, p. 21.

¹⁰¹ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, pp. 83, 86-87.

In die sestigerjare is daar onder al die gemeenskappe begin met werkklassse vir veral die vrouens en dogters. Daar is gepoog om deur onderrig in naaldwerk, huishoudkunde en nuttige en praktiese vryetydsbesteding die vroue 'n plek in die samelewing te gee. Hierdie klasse is deur die jare uitgebrei en het duisende vroue die geleentheid gebied om selfonderhoudend te word.¹⁰²

Die Madadeni Rehabilitasiesentrum vir Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe het in 1973 begin funksioneer. Dié sentrum het vir die swart gemeenskap voorsiening gemaak. Vrywilligers en diegene wat volgens die howe met die oog op rehabilitasie gestuur is, volwassenes en kinders van beide geslagte, is hier opgeneem.¹⁰³

5.3.2 Die Owerheid se maatskaplike hulpverlening aan die Kleurling

Vanaf 1 April 1962 is alle welsynsfunksies ten opsigte van Kleurlinge deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene aan die Departement van Kleurlingsake oorgedra. Die werkklassse vir behoeftige Kleurlingvroue is ook aan die Departement van Kleurlingsake oorgedra. Professionele en proefdienste asook subsidiëring is egter nog deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene behartig. Subsidies is aan welsynsorganisasies betaal vir die instandhouding van agt werkswinkels en tehuse vir blindes van alle gemeenskappe.¹⁰⁴

¹⁰² Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962 (RP 58/1962)*, p. 18; Departement van Bantoe-Administrasie en-Ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Bantoe-Administrasie en-Ontwikkeling vir die tydperk 1 Januarie 1960 tot 31 Desember 1962 (RP 78/1964)*, p. 8; Departement van Kleurlingsake, *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 Januarie 1962 tot 31 Maart 1964 (RP82/1964)*, p.12; Departement van Kleurlingbetrekkings en Rehoboth-aangeleenthede, *Verslag vir die tydperke 1 April 1969 tot 30 Junie 1969 (voormalige Departement van Kleurlingsake) en 1 Julie 1969 tot 31 Maart 1970 (Departement van Kleurlingbetrekkings en Rehoboth-aangeleenthede) (RP 57/1971)*, p10; Departement van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkings, *Jaarverslag vir die tydperk 1 April 1977 tot 31 Maart 1978 (RP 15/1979)*, p. 24; Administrasie: Raad van Verteenwoordigers, *Jaarverslag 1988 (RP 47/1989)*, p.36.

¹⁰³ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Bantoe-Administrasie en-Ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Bantoe-Administrasie en-Ontwikkeling vir die tydperk 1 April 1973 tot 31 Maart 1974 (RP 21/1975)*, p. 9; Departement van Samewerking en Ontwikkeling, *Verslag van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling vir die tydperk 1 April 1979 tot 31 Maart 1980 (RP 104/1980)*, p. 28.

¹⁰⁴ Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962 (RP 58/1962)*, pp. 10, 18; Departement van Kleurlingsake, *Verslag vir die tydperk 1 Januarie 1959 tot 31 Desember 1961 (RP 11/1963)*, p. 20.

In 1964 het die Owerheidswelsynsdienste ten opsigte van Kleurlinge ingesluit die Kraaifontein-nedersetting en rehabilitasiesentrum asook twee Owerheidsinrigtings vir bejaardes (De Novo en te Faure). 'n Werkkolonie vir Kleurlingmans by die De Novo-nedersetting het mans ambagte geleer, terwyl die behandeling van geestelik en fisiese probleme ook aandag gekry het. Die Owerheidsnedersettings het tewens verblyfplek aan behoeftiges, bejaardes, gesinne met kinders en gestremdes gegee.¹⁰⁵

In hierdie dekade en die daaropvolgende is die maatskaplike dienste vir die Kleurlinggemeenskap gekenmerk deur die sterk behoefte om ten volle verantwoordelikheid vir hulle welsynsdienste oor te neem van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.¹⁰⁶ Die voldoening aan die behoefte sou eers gedeeltelik verwesenlik word na die grondwetlike veranderings in 1984, maar teen 1991 het die versoek ietwat verander om 'n enkele Departement van Welsyn te vra om al die gemeenskappe se maatskaplike behoeftes te behartig.¹⁰⁷

Die stand van die Kleurlinggemeenskap se maatskaplike welsynsdienste is die eerste keer in die vroeg-sewentigerjare ondersoek. In 1973 is die Theron-kommissie van ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlinggemeenskap benoem. Die verslag van hierdie kommissie is in 1976 aan die Owerheid oorhandig. Daar is bevind dat een van die belangrikste maatskaplike probleme waarmee dié gemeenskap worstel, 'n verbrokkelde gesinslewe is. Gekoppel hieraan was die onrusbarende hoë voorkoms van misdaad.

¹⁰⁵ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Kleurlingsake, *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 Januarie 1962 tot 31 Maart 1964 (RP82/1964)*, p.10; asook *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 April 1966 tot 31 Maart 1967 (RP 21/1968)*, p.14; E. Theron en M.J. Swart(red.), *Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika. 'n Verslag van 'n komitee van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-Aangeleenthede (Sabra) insake die Kleurling*, pp. 114 -120.

¹⁰⁶ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Kleurlingsake, *Verslag van die Departement van Kleurlingsake vir die tydperk 1 Januarie 1962 tot 31 Maart 1964 (RP 82/1964)*, p. 9; Departement van Indiërsake, *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 3 Augustus 1961 tot 31 Desember 1970 (RP51/1971)*, p. 29.

¹⁰⁷ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, *Vrywillige welsynsinisiatief en die finansiering van die welsynsisteem. Werkkomitee van die Suid-Afrikaanse Welsynsraad en die Tussendepartementele Oorlegplegende Komitee oor maatskaplike welsynsaangeleenthede*, p. 27.

Verslawing aan drank en ander dwelmmiddels het ook 'n hoë voorkoms onder Kleurlinge getoon.¹⁰⁸

Die Owerheid se voorsiening van maatskaplike welsynsdienste aan die Kleurlinggemeenskap is in die Theron-verslag gekritiseer. Die verdeeldheid in die Owerheid se welsynsdienslewering vir die onderskeie gemeenskappe asook die ontoereikendheid en ondoeltreffendheid van die maatskaplike werkers moes skerp kritiek verduur. Daar is aanbeveel dat een staatsdepartement vir welsynsdienste ingestel word en dat so 'n departement verantwoordelik moes wees vir die beplanning en bepaling van 'n breër welsynsbeleid vir al die gemeenskappe in Suid-Afrika.¹⁰⁹ Hierdie aanbevelings het nie ingepas by die Owerheid se ideologiese paradigma van skeiding nie, en is daarom nie uitgevoer nie.

5.3.3 Die Owerheid, die Indiërgemeenskap en maatskaplike versorging

Op 1 September 1961 is 'n selfstandige Departement van Indiërsake gestig om na die belange van dié groep om te sien. Sedert 1 April 1963 is welsynsinrigtings vir Indiërs en die verskaffing van armesorg aan die nuwe Departement oorgedra. Alle wette, soos uitgevoer deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, is ook deur die nuwe Departement oorgeneem.¹¹⁰

Benewens die oorneem van verskeie funksies van die genoemde Departemente het die Departement van Indiërsake ook noue kontak met vrywillige Indiërwelsynsorganisasies gemaak en verskeie subsidieskemas ingestel. Kontak is opgebou met die verskeie nasionale rade soos dié van Kindersorg en Alkoholisme. Die doel wat gestel is, was om die welsynsorganisasies te help om eindelijk selfstandig te bestaan.¹¹¹

¹⁰⁸ E. Theron en J.B. du Toit, *Kortbegrip van die Theron-verslag*, pp. 60 - 62.

¹⁰⁹ E. Theron en J.B. du Toit, *Kortbegrip van die Theron-verslag*, pp. 64 - 68; S. Terreblanche, *Gemeenskapsarmoede. Perspektief op chroniese armoede in die Kleurlinggemeenskap na aanleiding van die Erika Theron-verslag*, pp. 15 - 17.

¹¹⁰ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Indiërsake, *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 3 Augustus 1961 tot 31 Desember 1970 (RP 51/1971)*, pp. 1 - 6, 28 - 29; Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 - 1962 (RP 58/1962)*, p. 5.

¹¹¹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Indiërsake, *Verslag van die Departement van Indiërsake vir die tydperk 3 Augustus 1961 tot 31 Desember 1970 (RP 51/1971)*, pp. 29, 33 - 36.

Die Indiërdepartement het ook 'n lewensvaardighedsprogram aangekondig. Mense moes geleer word om probleme self op te los en lewensvaardighede aan te leer. Kommunikasie, selfhandhawing, opleiding en die bou en handhawing van persoonlike verhoudings het besondere aandag geniet.¹¹²

5.3.4 Die Owerheid en die blanke gemeenskap se maatskaplike behoeftes

Die blanke gemeenskap het dieselfde maatskaplike dienste as die ander gemeenskappe geniet. Bejaardesorg, gestremdesorg, hulp aan gesinne en kinders het ook voorrang geniet. Nogtans was die blanke gemeenskap meer bevoorreg en is meer tyd bestee aan nasionale konferensies en simposiums as ten opsigte van die ander gemeenskappe. Daarby was die blanke Departement van Volkswelsyn verantwoordelik vir die opstel van die welsynsbeleid en was die beleid dus uit 'n blanksentriese oogpunt opgestel.

5.4 DIE OWERHEID EN PARTIKULIERE INISIATIEF MET BETREKKING TOT MAATSKAPLIKE DIENSLEWERING

Samewerking met partikuliere welsynsorganisasies het deur die jare hoofsaaklik op twee aspekte gekonsentreer. Die Owerheid het wetgewing gefinaliseer om die maatskaplike probleme aan te pak, en het subsidies aan organisasies verskaf om te help met die bestryding van probleme. Die samewerking van die Owerheidsdepartemente en private welsynsorganisasies is deur die Du Plessis-komitee ondersoek. Maatreëls en beginsels vervat in dié komiteeverslag in 1953, het die grondslag gelê vir die Owerheid se subsidiebeleid en terselfdertyd nouer samewerking met die private inisiatief verbeter.¹¹³

Subsidiëring is beskou as 'n manier om die gehalte van dienste gelewer deur vrywillige welsynsorganisasies te verbeter, en die koördinasie en beplanning van dié dienste is

¹¹² Republiek van Suid-Afrika Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, *Jaarverslag 1988 (RP 43/1989)* p. 55; D. Botha, "Maatskaplike werk aan die UOVS: verslag oor goue jubileum-simposium", *Maatskaplike Werk/Social Work*, 25:2, June 1989, pp. 140 - 150.

¹¹³ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiëring van vrywillige welsynsorganisasies*, p. 1; *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 April 1949 tot 31 Maart 1951 (UG 69/1951)*, p. 10; Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1964 to 31st March, 1966 (RP 67/1966)*, p. 2; Republic of South Africa. Department of Indian Affairs, *Report of the Department of Indian Affairs for the period 1 July 1971 to 30 June 1972 (RP 36/1973)*, p. 48.

landswyd uitgebrei. Terselfdertyd is die uitgangspunt gehuldig dat daar 'n balans moes bestaan tussen die Owerheid en die publiek se bydrae tot die fondse van die organisasies.¹¹⁴

Die Owerheid het in die verlede, en sal in die toekoms, baie steun op partikuliere welsynsorganisasies. Dié organisasies is die persone en instansies wat 'n maatskaplike vraagstuk in hulle onmiddellike omgewing raaksien. Hierdie instansies het dikwels 'n baie nouer kontak met die persone in nood. Die Owerheid help dan met subsidies waar moontlik en deur die instelling van wetgewing om sekere vraagstukke te bekamp.¹¹⁵

Fisies was en is dit onmoontlik dat die Owerheid en sy maatskaplike werkers onder al die gemeenskappe al die noodlydendes in die land self kan besoek en individuele hulp verleen. In samewerking met bogenoemde instansies kan die werklading egter verlig word. Samewerking met die gespesialiseerde rade het die beste resultate opgelewer.¹¹⁶

Die Owerheid het dit nie agterweë gelaat om deur die jare met verskeie oorsese organisasies kontak te behou nie, veral die Verenigde Volke-Organisasie se Ekonomiese en Sosiale Raad en die "International Social Service". Ander organisasies sluit in die "International Council of Social Welfare" (ICSW), die "International Council on Alcohol and Addictions" (ICAA), en die "Congress of Women of Southern Africa".¹¹⁷

¹¹⁴ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Aanbevelings van die Komitee van ondersoek insake die finansiëring van vrywillige welsynsorganisasies*, pp. 3 - 7; *Verslag van die Nasionale Konferensie insake Maatskaplike Werk*, p. 8; A.T. Winckler, *Volkswelsynbeleid*: . . ., p. 207.

¹¹⁵ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, p. 29.

¹¹⁶ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Verslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 April 1949 tot 31 Maart 1951 (UG 69/1951)*, p. 7; Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962 (RP 58/1962)*, p. 7 and *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1st April, 1962 to 31st March, 1964 (RP 32/1964)*, pp.24-25.

¹¹⁷ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, p. 15; Republiek van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn en Pensioene, *Verslag vir die tydperk 1971-1972 (RP 35/1973)*, p. 8 en *Jaarverslag 1976 (RP 30/1978)*, p. 28; Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene, *Jaarverslag 1980*, p. 56.

Internasionale Konferensies is gereeld deur amptenare van die verskeie Owerheidsdepartemente bygewoon. So byvoorbeeld was Suid-Afrika verteenwoordig by die Internasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk in 1950, die Internasionale Jeugkonferensie van dieselfde jaar en die Internasionale Konferensie oor Alkohol en Dwelmafhanglikheid in 1976.¹¹⁸

Studietoere na veral die Verenigde State van Amerika en Europese lande is ook gereeld deur verskeie beamptes van die verskeie Owerheidsdepartemente onderneem. Twee voorbeelde is die studietoer oor die behandeling van drankafhanklikes in 1982 en in 1991 vir welsynsprogramme beskikbaar in die Verenigde State en Brittanje.¹¹⁹

Partikuliere en vrywillige welsynsorganisasies het reeds in die tagtigerjare vir groter inspraak deur alle gemeenskappe in hul welsynsdienlewering geagiteer. Hierdie beweging het momentum gekry soos die politieke situasie in die land verander het. Tesame hiermee het akademië hulle uitgespreek ten gunste van 'n verbeterde opleidingstruktuur en metodiekinhoud.¹²⁰ Die Handves vir Menseregte en die Vryheidshandves, te assosieer met die African National Congress (ANC)-visie, en die invloed wat dit mag hê op dienslewering deur partikuliere inisiatief, is ook reeds in 1988 breedvoerig debatteer.¹²¹ Vanuit partikuliere inisiatief kon die Owerheid die oproep tot 'n veranderde welsynsdienleweringstelsel teen 1994 nie meer ignoreer nie.

¹¹⁸ Unie van Suid-Afrika. Departement van Volkswelsyn, *Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn vir die tydperk 1 Oktober 1937 tot 31 Maart 1949 (UG 36/1950)*, p. 15, Republic of South Africa. Department of Indian Affairs. *Report of the Department of Indian Affairs for the period 1 July 1974 to 30 June 1975 (RP 31/1976)*, p. 39.

¹¹⁹ Republiek van Suid-Afrika. Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn. Administrasie: Volksraad, *Jaarverslag 1992 (RP 38/1993)*, p. 56.

¹²⁰ Vergelyk met H.Strydom, "Die invloed van 'n kursus in multikulturele maatskaplike werk", *Maatskaplike Werk/Social Work*, 31:2, Junie, pp. 115 - 125; S.Drower, "Practice innovations in a new South Africa: a challenge for social service workers", *Social Work/Maatskaplike Werk*, 27:2, June 1991, pp. 141 - 147.

¹²¹ Vergelyk met M. Wiechers, "Menseregte en Maatskaplike Werk", *Maatskaplike Werk/Social Work*, 24:1, Maart 1988, pp. 2 - 5; F. Lund, "State restructuring of welfare", *Transformation*, March 1994, pp. 22 - 27.

5.5 PROMINENTE WELSYNSWETGEWING VANAF 1948 TOT 1994 EN DIE INVLOED DAARVAN OP MAATSKAPLIKE DIENSTE

Een van die eerste aksies van die Departement van Volkswelsyn in 1949 was die deurvoering van die Wet op Werkkolonies, 1949. Hierdie wet was 'n groot verbetering op die 1927-wetgewing en sou tot in die sestigerjare die basis van Owerheidsbeleid ten opsigte van werkkolonies vorm. Voortaan sou dranksugtiges en persone wat aan ander verdowingsmiddels verslaaf is, ook opgeneem kon word.¹²²

Die Piek-komitee het ook aanbeveel dat die Nasionale Raad vir Welsynsorganisasies deur 'n Nasionale Welsynsraad vervang moes word. Hierdie raad sou veel wyer magte en funksies hê. Die Raad sou ook die Minister adviseer oor sake soos beplanning van maatskaplike sorg en navorsing, toekenning van geldelike steun aan navorsing en die publikasie van navorsingsresultate behartig. Die Wysigingswet op Welsynsorganisasies, Wet no. 75 van 1961, het voorsiening gemaak vir die Nasionale Welsynsraad en streekswelsynsrade.¹²³

Die Nasionale Welsynsraad wat ingevolge die 1947-Wet op Welsynsorganisasies ingestel is, het in 1962 sy eerste vyfjaarlikse verslag ingedien. Probleme wat deur die Raad behandel is, het gewissel van 'n tekort aan maatskaplike werkers tot sensasionele beriggewing deur die koerante en ander media. 'n Groot probleem wat ondervang is, was die samewerking tussen die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en vrywillige organisasies.¹²⁴

As gevolg van die toename van maatskaplike probleme en die uitbreiding van die maatskaplike vraagstukke is daar in 1963 deur die Minister van Volkswelsyn 'n werkgroep ingestel om die samestelling van die Nasionale Raad te ondersoek. Die uiteinde van hierdie werkgroep se bevindinge was die Nasionale Welsynswet van 1965.¹²⁵

¹²² A.T. Winckler, *Volkswelsynbeleid: 'n Sosiaal-historiese studie van tendense*. . . , pp. 149-150, 206.

¹²³ Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962 (RP 58/1962)*, p. 7; A. T. Winckler, *Volkswelsynbeleid*:. . . , p. 262.

¹²⁴ Republiek van Suid-Afrika. *Wet op Welsynsorganisasies No. 40 van 1947 Eerste vyfjaarverslag van die Nasionale Welsynsraad vir die tydperk 1 November 1957 tot 31 Oktober 1962*, pp. 6 - 7, 17 - 18.

¹²⁵ A. T. Winckler, *Volkswelsynbeleid*:. . . , p. 263.

Die Nasionale Welsynswet van 1965 het die Wet op Welsynsorganisasies van 1947 en latere wysigings herroep. Volgens die nuwe wetgewing sou 'n Nasionale Welsynsraad saamgestel deur die Minister van Volkswelsyn ingestel word. Die samestelling van die Raad het ook verander. Voortaan sou die Raad uit een lid van elk van die nege streekswelsynsrade bestaan, een vakkundige beampte van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en vyf ander lede. Die oogmerk was om die Raad so saam te stel dat dit doeltreffende advies aan die Minister kon verleen. Die teenwoordigheid van die vakkundige beampte het nouer samewerking tussen die Owerheid en die privaatinisiatief moontlik gemaak.¹²⁶

Die Nasionale Raad sou ook die registrasie van maatskaplike werkers behartig. Spesialiteitskommissies sou die Raad bystaan in die uitvoering van sy pligte. Daar is voorsiening gemaak vir vier kommissies, naamlik die Kommissie vir Welsynsorganisasies, die Kommissie vir Maatskaplike Werk, die Kommissie vir Gesinslewe en die Kommissie vir Welsynsbeplanning.¹²⁷

Vir die gebied van elke streekskantoor van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene kon die Minister 'n streekswelsynsraad instel. Die funksies van hierdie rade is aansienlik uitgebrei en sou ook adviserend optree ten opsigte van die Nasionale Welsynsraad.¹²⁸ Dié Nasionale Welsynswet het dus voorsiening gemaak vir die skep van kanale om skakeling tussen die privaatsektor en die Owerheid te vergemaklik.

Die belangrike rol wat die vrywillige inisiatief deurgaans in die verskaffing van maatskaplike dienste gespeel het, is weer eens met die Nasionale Welsynswet, Wet no 100 van 1978, uitgebou. Die privaatinisiatief was medeverantwoordelik saam met die

¹²⁶ Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962 (RP 58/1962)*, pp. 15 - 16; en *Welsynsorganisasies in Suid-Afrika*, pp. 8 - 9; A. T. Winckler, *Volkswelsynbeleid: 'n Sosiaal-historiese studie van tendense*. . . , pp. 263 - 264; M.C. Potgieter, *Maatskaplike Sorg in Suid-Afrika*:. . . , p. 45 - 46.

¹²⁷ A. T. Winckler, *Volkswelsynbeleid*:. . . , pp. 264 - 265.

¹²⁸ Republic of South Africa. Department of Social Welfare and Pensions, *Report of the Department of Social Welfare and Pensions for the period 1959 to 1962 (RP 58/1962)*, pp. 15 - 16; A. T. Winckler, *Volkswelsynbeleid*:. . . , p. 265.

Owerheid om doeltreffende, doelgerigte, gebalanseerde en volledige gekoördineerde maatskaplike welsynsdienste vir die streek en later op nasionale gebied te verseker.¹²⁹

In 1984 het die tweede Carnegie-verslag rakende armoede en ontwikkeling die lig gesien. Net soos in die 1932-verslag, is die ondersoek aangevuur deur privaatinisiatief en kon die Owerheid nie die skokkende onthullings wat gemaak is, ignoreer nie. Die verslag stel dit duidelik dat dringende optrede nodig is, en die besef by alle maatskaplike rolspelers moet wees dat net groter betrokkenheid by maatskaplike welsynsdienste die toestande in die land kan help verander. Die Kommissie wys egter ook daarop dat daar geen kitsoplossings kon wees nie, en dat daar byvoorbeeld in die geval van 'n nasionale pensioenskema eers positiewe resultate na ongeveer veertig jaar gesien sal kon word. In die tussentyd sal ouer mense weinig voordeel hieruit trek. Daarom word aanbeveel dat daar so gou moontlik met stappe begin word om met 'n skema om toekomstige pensioenarisse te help.¹³⁰

Van tyd tot tyd het die Owerheid en meer spesifiek die ministers verantwoordelik vir maatskaplike dienste dit noodsaaklik gevind om kommissies en komitees van ondersoek in te stel. Hierdie liggame moes die heersende vraagstukke ondersoek, en oplossings aan die hand doen. Soos die voorbeelde in Tabel Nr. 7¹³¹ gesien kan word, is dit kinder-, gesins-, bejaarde- en gestremdesorg wat baie aandag geniet het. 'n Verdere probleem wat met die jare meer toegeneem het, was dwelmmisbruik. Hierdie komitees en kommissies se verslae het in baie gevalle uitgeloop op gepaste wetgewing om die probleme te probeer oplos.

¹²⁹ S.W.P. Grobbelaar, "Enkele gedagtes met betrekking tot die houding van die staat ten opsigte van welsynsdienste met besondere verwysing na die Republiek van Suid-Afrika", **Welsynsfokus/Welfare focus**, 22:1, June, pp. 13 - 18.

¹³⁰ F. Wilson and M. Ramphela, *Uprooting poverty. The South African Challenge. Report for the Second Carnegie Inquiry into poverty and development in Southern Africa*, pp. 342 - 342.

¹³¹ Tabel Nr. 7 is saamgestel uit verskeie regeringspublikasies. Vir 'n volledige lys van regeringspublikasies vergelyk bronnelys.

Tabel Nr. 7**Komitees van ondersoek, 1948 - 1994**

Jaar	Naam	Beskrywing
1949	Williamson	Komitee van Onderzoek na Beskutte Arbeid
1949		Interdepartementele Komitee oor Daggamisbruik
1950		Voortsettingskomitee vir Oues van Dae
1950	Du Plessis	Komitee van Onderzoek insake Finansiëring van Welsynsorganisasies
1953	Van Schalkwyk	Komitee oor die Opleiding en Indiensneming van Maatskaplike Werkers
1959		Interdepartementele Komitee insake die Behandeling van die Dranksugtige
1960	Gauché	Interdepartementele Komitee insake Rehabilitasie-aangeleenthede
1961	Borckenhagen	Komitee van Onderzoek insake Finansiële verhouding tussen die Sentrale Regering, Provinsies en Plaaslike Besture.
1961	Piek	Komitee van Onderzoek insake Gesinstoelaes.
1967	Rumpff	Komitee van Onderzoek na Toerekensvatbaarheid van Geestelik Gestremde Persone.
1968	Van Wyk	Komitee van Onderzoek na Erg Geestelik Vertraagde Persone
1970	Grobler	Komitee van Onderzoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels
1976		Komitee van Onderzoek na Afsonderlike Wetgewing vir die Beroep Maatskaplike werk
1976	Theron	Kommisie van Onderzoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep.
1981		Komitee vir die beplanning van 'n norm vir Maatskaplikewerk-poste
1982		Komitee van Onderzoek na Sekere Aspekte van Kindersorg
1986	Meiring	Komitee van Onderzoek na Pensioenvoordele
1988		Interdepartementele Komitee oor die Vraagstuk van Leeglêery
1988		Interdepartementele Komitee oor Gestremdesorg
1994		Werkkomitee: Wet op Kindersorg

5.6 DIE STAND VAN MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENS SOOS GELEWER DEUR DIE OWERHEID TEEN APRIL 1994

Teen die begin negentigerjare was dit 'n algemeen aanvaarde erkenning dat apartheid Suid-Afrika uiters benadeel het. Grootse armoede in die land kon direk tot hierdie mislukte beleid teruggevoer word.¹³² Daarby het die Theron-verslag van 1976 en die tweede Carnegie-Kommissie in 1984 gewys dat die skokkende stand van armoede nie beperk was tot net een gemeenskap in Suid-Afrika nie maar versprei was onder alle inwoners van Suid-Afrika - die bevoordeeldes en die histories agtergeblewenes.¹³³

¹³² Vergelyk E. Van Wijk, "Armoede en werkloosheid: wurggreep van die resessie", *SALUS*, 17:1, Februarie 1994, pp. 4 - 5.

¹³³ L.R. Louw, "Apartheid, poverty, social transformation: a pilgrimage to a non-racial democracy challenges social work in South Africa", *Social Work/Maatskaplike Werk*, 27:1, March 1991, pp. 22 - 27, Mar.; F. Wilson and M. Ramphela, *Uprooting Poverty. The South African challenge*, pp. 317,342. Vergelyk ook M. Slabbert, "An appraisal of critical social work and South African social problems", *Social Work/Maatskaplike Werk*, 20:2, June, pp. 114 - 116.

Die Owerheid se welsynsdienslewering is sedert die begin-tagtigerjare toenemend gekritiseer; veral die wyse waarop welsynsdienslewering deur die Owerheid se ideologiese paradigma voorgeskryf is. Die Owerheid is daarvan beskuldig dat die finansiering van welsynsdienste al hoe meer aan partikuliere welsynsorganisasies oorgelaat is.¹³⁴

In 1994 het 'n nuwe era aangebreek in die verskaffing van maatskaplike dienste aan die gemeenskappe van Suid-Afrika. Die verdeelde verlede het plek gemaak vir een gefokusde Nasionale Departement van Welsyn. Die sosiale, ekonomiese en politieke omstandighede in die land het grootskaalse agterstand vir baie inwoners tot gevolg gehad.

Die welsynsprojekte van die verenigde Departement is dus gerig op die uitskakeling van hierdie ongelykheid en die verlening van hulp aan alle persone wat dit benodig.¹³⁵

Daar die maatskaplike probleme wat vandag in Suid-Afrika bestaan, nie oornag uitgeskakel kan word nie, sal daar in die toekoms baie werk en beplanning van die Owerheid gevra word. Die verenigde Departement van Welsyn het reeds in 1994 erken dat hierdie omvattende taak nie sonder die hulp van die plaaslike gemeenskappe of die private welsynsorganisasies aangepak kan word nie.

¹³⁴ Vergelyk met South African Institute of Race Relations, *Race Relations Survey 1987/88*, p. 432.

¹³⁵ Vergelyk ook N. Hall, *Management of welfare services in the future*. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 29:4, October 1993, pp. 353-362, Oct.; en F.L. Lund, *A window on welfare: some results from a study of government welfare departments*. **Social Work/Maatskaplike Werk**, 30:1, March 1994, pp. 25 - 41.